

Afrikaans se funksies: Gelykpad of glykpad?

W.A.M. Carstens

The functions of Afrikaans: On a slippery slope or not?

Many factors can affect the rise of a language, its general use and/or decline. Among these factors are demographics of a specific language group in a country, attitudes of speakers of other languages towards a particular language, contact with speakers of other languages (for instance, through emigration) and the functions of a language. This article describes the issue of functions impacting the future prospects of a language and especially of Afrikaans in the light of political pressure on this language since 1994 (in fact since the late 1960s). The distinction of high and low functions of Afrikaans are described. How Afrikaans as a language was able to develop all the necessary functions since 1925 (when it became an official language in South Africa) with the support of its speakers, as well as which historical events transpired since then to make this possible are discussed. Some of the most important role players in this process are explored, as well as successes Afrikaans can show in this regard, what currently hampers the status of Afrikaans, and how Afrikaans is now losing some of the functions it acquired. The impact of the loss of these functions on the future of Afrikaans as an independent language in a multilingual dispensation in South Africa is described and the prospects for avoiding predicted negative outcomes are explored. The various functions are furthermore highlighted and illustrated with reference to the historical process of each function and milestones in the development of Afrikaans.

1. Inleiding

In hierdie artikel^{1 2 3} val die klem op hoe die druk op Afrikaans, veral sedert 1994 toe die nuwe meertalige taalbedeling in die land tot stand gekom het⁴, die taal se funksies raak. Wat gebeur met Afrikaans se swaar verworwe funksies wat oor meer as 80 jaar gevestig geraak het? Neem dit toe of kwyn dit?

Dit is belangrik dat opnuut hieroor besin word nadat J.C. Steyn 'n aantal rigtinggewende publikasies in die 1980's (1980) en 1990's (1992, 1995) hieroor gelewer het. Dit is egter al meer as 25 jaar gelede. Wat het sedertdien gebeur?

Daar word wel 'n effense ompad gevolg om pertinent hierby uit te kom omdat die vertrekpunt vir die artikel 'n besinning is oor die waarde wat ouer standaardbronne (soos dié van Steyn, 1980) steeds inhou vir die oplos van hedendaagse taalprobleme of taaldilemmas. Eerstens, wat word bedoel met 'n 'standaardbron' en tweedens spesifiek wat word ons wys uit só 'n ouer bron? Kan dit ons rig in ons pogings om Afrikaans 'n volhoubare taal in Suid-Afrika te hou?

So dikwels word 'n mens deur belangstellende persone gevra wat die standaardbronne op 'n toepaslike terrein is, in hierdie geval in Afrikaans as vakgebied. Die vraag is natuurlik wat beteken die term 'standaardbron'? Volgens alle aanduidings word hieronder verstaan 'n bron wat die kern van 'n sekere dissipline of subdissipline bevat of saamvat. Dit is die eerste bron wat 'n mens raadpleeg as jy iets van die vakgebied wil weet. In wese is dit die bron wat die betrokke vakgebied, dissipline of subdissipline definieer.

As 'n mens uit 'n letterkundige hoek na Afrikaans kyk, sal daar beslis etlike sodanige bronne uitgelig kan word. Dit geld nie net vir besondere literêre tekste nie, maar ook bronne waarin oor (byvoorbeeld) die literatuurgeskiedenis van Afrikaans gerapporteer word. Watter student van die Afrikaanse literatuur weet nie van J.C. Kannemeyer se tweedelige *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* (1983, 1984), die bygewerkte *Die Afrikaanse literatuur 1652–2004, Literêre studie en kritiek* (2005) asook van H.P. van Coller se driedelige *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis* (2015, 2016) nie? Dit is dié bronne wat geraadpleeg word as iemand meer wil weet oor die stand van sake rakende die ontwikkeling van 'n bepaalde aspek van die Afrikaanse letterkunde.

Watter boeke sal in die Afrikaanse taalkunde so 'n status dra? Ook hier is daar 'n hele aantal standaardbronne en 'n mens sou tereg kon aanvoer dat op elke terrein van die Afrikaanse taalkunde daar wel een bron is wat gebruik word as vertrekpunt oor die betrokke terrein. Rakende sintaksis sal niemand beswaar aanteken as Fritz Ponelis se *Afrikaanse sintaksis* (1979) uitgelig word as die kern- of standaardbron nie. Oor Afrikaanse morfologie is daar een vername kontrolebron, te wete Johan Combrink se *Afrikaanse morfologie. Capita exemplaria* (1990). Dit geld ook vir die semantiek, fonetiek, fonologie, sosiolinguistiek, tekslinguistiek, normatiewe taalkunde en teksredaksie. Op elkeen van dié terreine is daar ten minste een standaardbron.

Oor die geskiedenis van Afrikaans is daar heelwat besonder nuttige bronne. Die een wat sonder twyfel uitstaan bó die res, is J.C. (Jaap) Steyn⁵ se veelbekroonde *Tuiste in eie taal Die behoud en bestaan van Afrikaans* (1980), wat uit 'n taalpolitieke hoek na Afrikaans se herkoms kyk. Sy meer onlangse '*Ons gaan 'n taal maak': Afrikaans sedert die Patriot-jare* (2014) gaan uiteindelik waarskynlik ook in hierdie kategorie val. W.A.M. Carstens en E.H. Raidt se resente tweedelige boek *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal* (Deel 1: 2017; Deel 2: 2019) sal volgens aanduidings⁶ ook in die toekoms hierdie status dra.

Hoewel *Tuiste in eie taal* reeds 41 jaar gelede gepubliseer is, is die insigte en beginsels daarin steeds geldig, te wete 'n aanduiding van die toepaslike sake rakende die behoud en bestaan van 'n taal. Dit bewys net weer dat sommige

boeke se geldigheid en status vas bly staan selfs al gaan die tyd verby. Om hierdie rede is dit 'n standaardwerk.

Hierdie boek se waarde vir die beskrywing van die geskiedenis van Afrikaans lê op verskeie vlakke: Dit bied 'n deeglike terugkyk na die begin van Afrikaans en in die besonder vanaf 1652. Die outeur kyk ook wyer as bloot na die geskiedenis van Afrikaans in Suid-Afrika omdat Afrikaans se posisie ook in terme van gebeure in en met ander tale (waaronder Spaans, Engels, Nederlands en Duits) in die wêreld beskryf word. Dit betrek faktore wat tot op daardie stadium nog nie verreken is in geskiedkundige beskouings oor tale nie in die hoofstroom in en bring 'n nuwe invalshoek na vore aan die hand waarvan die groei of kwyn van tale gemeet kan word. Dit is juis die faktore wat die groei of kwyn van tale bepaal, wat uiteindelik van *Tuiste in eie taal* 'n uitsonderlike (standaard-)bron maak omdat dit eksplisiet daardie faktore uitlig wat grotendeels bepaal of 'n taal sal voortbestaan of nie.

Wat hierdie boek so uniek maak, is dat die tradisionele geskiedkundige verloop van 'n taal van die begin tot waar dit vandag is, vervang word met 'n belangrike alternatiewe blik wat fokus op daardie besondere faktore wat lei tot die verloop van die geskiedenis. Die klem val dan op die omstandighede wat daartoe bydra dat 'n taal vir die gebruikers van 'n gemeenskap algemene kommunikatiewe waarde kry, waarom dit in gebruik toeneem (of nie), hoe die taal se ontwikkeling beïnvloed word deur gebeure waardeur sprekers van die betrokke taal geraak word of by betrokke raak, wat bepaal of 'n taal se waarde toeneem (of nie), en wat daartoe bydra dat 'n taal bly voortbestaan (of nie). Dit dui aan dat tale se totstandkoming, ontwikkeling, groei en moontlike kwyn sterk beïnvloed word deur besondere gebeure (eksterne faktore) wat dikwels min met die taal self te maak het, maar eerder met die gebruikers, die sprekers, van die taal en die konteks en omgewing waarbinne die taal voorkom.

Hierdie faktore is onder meer die volgende: (a) demografiese prosesse, (b) kontak met sprekers van ander tale, (c) die verlies of wins van hoë en lae funksies, en (d) die houding teenoor die taal (Steyn, 1980: hoofstukke 1 en 2). Kortliks hou dié faktore die volgende in:

- a) **Demografie:** Demografiese prosesse het ruweg tot doen met faktore wat die grootte (word die gemeenskap se ledetal meer of minder?), samestelling (ouderdoms-, geslags-, etniese verspreiding) en ook verspreiding (rondbeweeg van lede) van taalgemeenskappe bepaal (vergelyk Steyn, 1980: 4-6). Die volgende aspekte speel hierin 'n rol: die styging of daling in geboorte- en sterftesyfer (mense leef langer en minder kinders word gebore), volksverhuising en/of immigrasie (na 'n nuwe land en dan inskakel by die nuwe omgewing), onderwerping aan 'n nuwe regering, met koloniserings (oorname van die taal en

kultuur van 'n nuwe heerser as die gevolg), slawerny (gedwonge verskuiwing) en natuurlike faktore (siektes, natuurrampe). Dit is uiters belangrike faktore wat die populasie van 'n taal raak.

- b) **Kontak met sprekers van ander tale:** Indien mense van een land na 'n ander verhuis met die doel om hulle permanent daar te vestig, kan assimilasië (dus 'opneem', 'word deel van' en 'om gelyk te maak') in die nuwe gemeenskap plaasvind. Dit kan die taal op drie wyses raak: taalvermenging kan voorkom wat op sy beurt tot taalversteuring (die patrone in die eie taal word versteur) kan lei, taalverplasing kan plaasvind (een taal word vervang deur die ander taal) en dit kan uiteindelik die grootte van die taalgemeenskap bepaal ('n taal met meer prestige lok maklik die sprekers van kleiner tale).
- c) **Verlies of wins van hoë en lae funksies:** Taal word gebruik om in intiemer kringe (lae funksies) asook in formeler kringe (hoë funksies) te kommunikeer. Sodoende word die betrokke taal gebruik om alles te dóén wat die sprekers met die taal wil doen. Hieronder tel om te aanbid (godsdiensoefening), onderrig te gee (onderwys), te verdedig (hof), inligting oor te dra (media), te skryf (letterkunde), te vertoon (kuns), en so meer. Elke taal is gebonde hieraan. Die vermoë om funksies by te kry, dra by tot die uitbrei en wyer gebruik van die taal. Die afname in funksies, lei weer outomaties tot 'n afname in die gebruik van die taal, met as gevolg 'n stadige weggkwyf van die taal totdat dit uiteindelik (moontlik) verdwyn.
- d) **Houding teenoor die taal:** Die houding (dit wil sê die 'gevoel') van mense teenoor 'n taal, in die besonder hulle eie taal, is bepalend vir die groei of kwyn van 'n taal (vergelyk Steyn, 1980: 18-22) – of hulle byvoorbeeld getrou is aan die gebruik van die taal (hulle gebruik dit sonder om skaam te wees), of hulle lojaal is aan hulle taal (hulle gee voorkeur aan hul eie taal en probeer dit in stand hou en selfs uitbou). As 'n taal nie aanvaarbaar is vir die sprekers van ander tale nie (weens onder meer politiek, onderwerping, stigma, lae gebruikspotensiaal) is die kans gering dat die taal deur ander aangeleer sal word. Afrikaans se ongelukkige etiket as 'taal van die onderdrukker' in die 1970's tot vroeë 1990's het só byvoorbeeld beslis daartoe bygedra dat die sprekers van Suid-Afrikaanse Afrikatale (in die besonder die Sintoetale) nie die taal wou aanleer nie weens die negatiewe politieke stigma gekoppel aan Afrikaans (vergelyk Carstens en Raidt, 2019).

Elkeen van hierdie faktore verdien in eie reg 'n diepgaande bespreking omdat elkeen 'n besondere impak het op die verloop van 'n taal, op die groei en/of die kwyn van die betrokke taal. Dit geld ook vir die geskiedenis van Afrikaans, waarop uiteraard in hierdie artikel gefokus word. Ter wille van praktiese (ruimte)

redes word slegs één van hierdie faktore, te wete die gevolge wat die toename of afname in funksies het op Afrikaans se ontwikkeling en groei, en veral op Afrikaans se toekomsptensiaal, hier onder in meer besonderhede bespreek. Dit sal sin maak as die ander drie faktore in hieropvolgende bydraes die nodige aandag kry sodat die impak daarvan op Afrikaans se toekomsptensiaal bereken en verreken kan word.

Dit is van belang om te besef dat hierdie faktore soos 'n eenheid funksioneer en dat hulle geïntegreerde effek bepalend is vir die groter prentjie wat van 'n taal se groei of kwyn gevorm kan word. Om één faktor uit te lig as die onderskeidende faktor, is derhalwe nie heeltemal korrek nie. Ter wille van afbakening word hier wel gefokus op die rol van funksies (wins en/of verlies) omdat dit so 'n groot uitkrinteffek kan hê, maar dit word vanselfsprekend medebepaal deur die ander faktore.

Vervolgens word daar eerstens kortliks uiteengesit wat die funksies van 'n taal behels, tweedens watter funksies Afrikaans sedert 1925 verwerf het, en laastens word beoordeel wat die huidige stand van Afrikaans se funksies is. Dit bied dan 'n beeld van die posisie van Afrikaans vandag en ook 'n aanduiding van wat die toekoms vir Afrikaans kan inhou.

2. Die funksies van 'n taal

Hier bo is kortliks verwys na die “funksies” van 'n taal. Wat behels dit in wese?

In *Tuiste in eie taal* en in 'n aantal opvolgartikels van Steyn (1992, 1995, 2001) word hierdie vraag indringend beantwoord. Hier onder word slegs enkele aspekte uitgelig ter wille van die argumentvoering in die artikel.

Soos reeds aangedui, word 'n taal gebruik om sekere eksplisiete take in die betrokke taalgemeenskap te kan verrig, dus om daarmee te doen wat nodig is om daaglik binne die taalgemeenskap te funksioneer. Die taal word dan gebruik om inligting oor te dra, op te lei, te oorreed, te lees, te skryf, te luister, te sing, te stry, te vra, te antwoord, in te lig, te smee, te pleit, te publiseer, te verdedig, te redeneer, te aanbid, te ontspan, te vermaak, te vertoon, te werk, te bemark, te betaal, te vertaal, wetenskap te beoefen, politiek in te beoefen, vir dienste te betaal, dienste aan te vra, lief te hê, en so meer (vergelyk Steyn, 1980: 15). Dit raak al daardie aktiwiteite wat 'n mens daaglik verrig as deel van 'n aktiewe samelewing.

Maar die taal word ook gebruik om gemaklik onderling met mekaar te skakel, dus om in intiëmer kringe op 'n meer persoonlike vlak met mekaar kontak te maak. In hierdie opsig is taal amper soos klere wat aangetrek word vir 'n bepaalde doel in 'n bepaalde konteks, soos om sport te gaan beoefen (wat nie sal werk met byvoorbeeld 'n pak klere aan in die geval van mans nie), om kerk toe te gaan, om

hof toe te gaan, om werk toe te gaan, om inkopies te gaan doen, om te gaan slaap, ensovoorts. Telkens word die ‘regte’ klere vir die ‘regte’ konteks aangetrek. Dit is ook die geval met die rol van taal.

Steyn (1980: 15-18) skryf dat daar ruweg onderskei moet word tussen die ‘lae’ en ‘hoë’ funksies van ’n taal. Hierdie funksies stel ’n taal in staat om in alle opsigte sy rol in die gemeenskap te vervul:

- **Lae funksies:** Die taal word gebruik daar waar dit natuurlik en spontaan vir die sprekers is, onder meer by die huis, om die etenstafel, gesprekke met gesins- en familielede en met vriende, vir “vloek en grappe vertel”, om die sportveld, om te vry – dus daar waar ’n taal informeel en in intieme en gemaklike omstandighede gebruik word.
- **Hoë funksies:** Die taal word gebruik vir tipiese standaardtaalfunksies (sien ook afdeling 3), onder meer in die onderwys (op primêre, sekondêre en tersiêre vlak), hof, kerk, staatsdiens, openbare media (radio, televisie, koerante, tydskrifte), literatuur (populêr en letterkundig van aard). Die hoë funksies kan weer by drie subgroepe ingedeel word:
 - *Ekonomiese* funksies: In hierdie geval kan taal in die openbare sektor (staatsdiens, munisipaliteite, howe) en in die private sektor (sake-ondernemings) gebruik word.
 - *Kulturele* funksies: Hierdie funksies raak vier aspekte, naamlik die letterkunde (mense skryf in die taal), die massamedia (koerante, tydskrifte, televisies, radio en die internet), godsdiens (word gebruik vir godsdiensbeleving in alle opsigte), en onderwys (op alle vlakke, hetsy voorskool, laerskool, hoërskool, universiteite en instellings vir voortgesette opleiding).
 - *Praktiese* funksies: Taal word gebruik om alledaagse sake in die gemeenskap mee te verrig, soos om inkopies by ’n winkel te doen, om ’n identiteitsdokument of paspoort aan te vra, om ’n diensterekening te betaal by die munisipaliteit, om posbushuur te betaal, te werk, onderwys te ontvang, koerant te kan lees, televisie te kyk, ensovoorts.

Steyn (1980: 16-18, 22-23) vestig ook die aandag op ’n paar aspekte wat die praktykmaak van hierdie funksies kan raak:

- i. Die onderwys dien as bepalende skakel tussen die ekonomiese, kulturele en praktiese funksies: “Die taal kan nie ekonomiese funksies hê as dit nie die onderwysmedium is waarin mense vir betrekkings opgelei word nie. Die

publiek kan ook net in hulle taal briewe aan die staatsdiens skryf as hulle dit léér skryf het.”

- ii. Die groei of agteruitgang van ’n taal word bepaal op grond van die toe- of afname van sy gebruik in hoë funksies. Om ’n funksie soos onderwys en opleiding in jou taal te verloor, kán die begin van die einde van ’n taal wees. Daarom word ook so hard probeer om dit te behou as die taal dit wel eers het. Aan die ander kant is dit weer die strewe van gebruikers van ’n taal om juis hierdie funksie te kan kry. In die geskiedenis van soveel tale is onderwys in die eie taal tipies een van die eerste take wat die wordende taalgemeenskap met die taal wil verrig.
- iii. Hoe minder funksies ’n taal het of as ’n taal funksies begin verloor, hoe swakker word sy kans op groei of oorlewing. Soos reeds genoem, kan die verlies van net één funksie (soos die verlies van ’n taal se status as skooltaal) ’n kettingreaksie aan die gang sit waarin met verloop van tyd ander funksies ook prysgegee word. In Argentinië praat (weliswaar beperk) van die Argentyne met ’n Afrikaanse agtergrond nog net die taal in familiekringe, maar van ander funksies is daar ná bykans 120 jaar se verblyf in Argentinië, niks oor nie.⁷ In Namibië het Afrikaans met die onafhanklikheidswording in 1990 sy amptelike status in die land verloor. Van die funksies wat Afrikaans destyds gehad het, begin ná ongeveer 30 jaar in die praktyk stadigaan kwyn, soos op onderwysvlak, op mediavlak, met minder skole waar onderrig in Afrikaans ontvang kan word, en ook minder Afrikaanse koerante wat nog uitgegee word. Waar Afrikaans minder as tien jaar gelede nog die status gehad het as primêre onderrigtaal aan bepaalde universiteite in Suid-Afrika, het die gety teen 2015–2016 erg teen Afrikaans as taal van onderrig aan universiteite in Suid-Afrika begin draai toe Afrikaans amptelik sy rol as medium van onderrig aan die Universiteit van Pretoria (UP), Universiteit van die Vrystaat (UV), Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) asook aan die Universiteit van Stellenbosch (US) verloor het (vergelyk Carstens en Raidt, 2019: 768-792, Sezoe, 2021, Van Dyk, 2021). Dit is dus beduidende funksieverliese, soos ook op ander terreine. In afdeling 4 word hierop teruggekom.
- iv. Die verlies van hoë funksies lei dikwels tot ’n verlies aan lae funksies: “Wanneer ’n taal sy vernaamste lae funksie – die taal van die huisgesin – verloor het, is die moontlikheid op oorlewing bitter skraal, al herwin hy later die verlore hoë funksie.” Elke funksie wat verloor word, is daarom ’n rede tot groot kommer. As die huisgesin dit nie meer wil gebruik nie, dan begin ’n taal se kreeftegang in alle erns toeneem.
- v. Die verkryging van een funksie (soos onderwys in jou eie taal) kan wel weer lei tot ’n proses waarin die taal stelselmatig een nuwe funksie na die ander bykry.
- vi. ’n Funksie wat eenmaal verloor is, word nie maklik teruggekry nie. As byvoorbeeld ’n skool eers eenmaal van Afrikaansenkmediumonderrig na

- parallelmedium (Afrikaans en Engels) oorgegaan het, gebeur dit selde dat dit omgekeer sal word; eerder dat die proses na verengelsing in die omgewing van die skool vinniger sal verloop.
- vii. Die houding teenoor 'n taal (positiewe of negatiewe oordeel oor 'n taal en ook die sprekers van die betrokke taal) kan 'n proses van funksieverlies aan die gang sit of aan die ander kant weer lei tot 'n toename in sprekersgetalle, wat op sy beurt weer tot 'n groei in funksies kan lei.
 - viii. Die verlies van hoë funksies hoef nie noodwendig te lei tot die verlies van lae funksies nie. Maar dit is wel meestal die patroon dat dit op die langtermyn tog gebeur.
 - ix. Politieke mag speel ongetwyfeld 'n kernrol in die verwerf, behoud of verlies van funksies. Steyn (1980: 26) sê juis: “Die verhaal van die lotgevalle van 'n taal is dikwels die geskiedenis van die [politieke] magsuitbreiding of magsverlies van sy sprekers.”

Die verkryging én dan die behoud van funksies is daarom vir 'n taal kardinaal vir groei. Aan die ander kant kan die verlies van slegs één funksie (soos onderwys) tot 'n stadige kwyn van die taal lei. Dit kan 'n rimpeleffek tot gevolg hê. Dit is waar die klem in hierdie artikel val – op die langtermynimpak wat die verlies van funksies vir Afrikaans inhou.

In die volgende afdeling word die funksies wat Afrikaans moes verwerf toe dit 'n amptelike taal en by implikasie ook 'n standaardtaal geword het, kortliks uitgelig.

3. Afrikaans se standaardtaalfunksies

“Vir al sy mense is Afrikaans die taal waarmee hulle alles kan doen. Dit is 'n taal waarin hulle wetenskappe kan beoefen, waarin hulle kan bid, liefhê en grappe maak, pragtige poësie en spannende speurverhale kan lees, die taal waarin hulle kan e-pos, twitter en twiet.” (Tekst op omhulsel van *Die Wonder van 'n Nuwe Taal in Afrika*, dokumentêre video, 2015)

Op 8 Mei 1925 het Afrikaans volgens parlementêre dekreet die status verwerf as amptelike taal. Volgens Wet 8 van 1925 sou die woord “Hollands” in die bewoording van die wet ook Afrikaans insluit:

Het woord ‘*Hollandse*’ in artikel honderd-seven-en-dertig van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in die Wet waar dat woord voorkomt, *word hierby verklaard het woord Afrikaans in te sluiten* (Pienaar, 1943: 368). (Eie kursivering.)

In die praktyk het hierdie besluit beteken dat Afrikaans naas Engels en Nederlands die amptelike taal in die land geword het, dat wette in Afrikaans opgestel kon word, en dat Afrikaans vryelik in die parlement en in die res van die land gebruik kon word. Die ander implikasie hiervan was dat Afrikaans nou ook as standaardtaal sou moes begin optree, 'n rol waarvoor Afrikaans nog nie gereed was nie.

Hiermee het 'n proses wat in die 1870's begin het, en deur middel van die werking en aktiwiteite van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) en verskeie taalbelanghebbendes in die loop van die laat 19de en vroeg 20ste eeu stimulus en momentum gekry het, binne net meer as 50 jaar suksesvol afgeloop: Afrikaans het van 'n informele spreektaal tot amptelike taal gevorder. Hieroor doen Steyn in *'Ons gaan 'n taal maak'* (2014) omvattend verslag. McLachlan (2015) sê dat Afrikaans om hierdie rede beskou word "as een van die taalwonders van die wêreld omdat dit in so 'n kort tyd tot 'n volwaardige standaardtaal ontwikkel het".

Maar 'n taal is nie skielik 'n standaardtaal nie. Dit moet naamlik deur 'n proses van ontwikkeling gaan en hierdie proses neem tyd om deur te loop. Van Rensburg et al. (1997: 49) sê daar moet onthou word "(d)ie *standaardisering van 'n taal en die verkryging van ampstaalstatus* gaan hand aan hand in die geskiedenis van baie tale" (eie kursivering). Die verkryging van die amptelike status van 'n taal het derhalwe bepaalde implikasies, naamlik dat die sprekers van die taal dit dan voortaan wil gebruik vir die uitvoer van besondere take as die standaardtaal van die taalgemeenskap – derhalwe vir alles wat mense kan doen met 'n taal, vir sowel hoë as lae funksies.

"'n Amptelike taal moet verskeie rolle kan vervul" volgens Van Rensburg et al. (1997: 49). Hierdie "rolle" (of funksies) is tipies van standaardtale. En dan voeg hulle by: "In die geskiedenis van Afrikaans kan daar op 'n hele paar pogings gewys word wat ten doel gehad het om Afrikaans só te bevorder *dat die taal meer funksies bykry sodat meer daarmee gedoen kan word...* Afrikaans het dié funksies relatief vinnig bygekry". Dit sluit aan by Smit (1985: 2) se stelling: "*Ná 1925 moes Afrikaans ontwikkel word om by 'n snel-veranderende land se behoeftes aan te pas.* Taalkundiges, onderwysers, joernaliste en skrywers moes sorg dat Afrikaans tot Algemeen-Beskaafde gebruikstaal, maar ook as kultuurtaal, groei." (Eie kursivering hier bo.)

Daar moes gevolglik in 'n kort tyd in die "snel-veranderende land" funksies vir die nuut erkende taal ontwikkel word sodat nie net basiese funksies (onderwys en godsdiens) verrig kon word nie, maar ook talle ander wat alles deel is van 'n taal wat in 'n ontwikkelingsfase is. Die taak hiervoor het geval op bepaalde individue: diegene wat daagliks met die taal gewerk het, waaronder taalkundiges,

onderwysers, joernaliste en skrywers asook kundiges op die gebied van die betrokke funksies. In die loop van hierdie proses, te wete die toe-eien van die betrokke funksies, word die taal self ook gestandaardiseer, dit wil sê die taalvorm word vasgelê, bestendig en mettertyd gekodifiseer.

Die strewe tot die verkryging van die onderwys- en godsbeoefeningfunksies het as sterk motiveerders gedien om Afrikaans uiteindelik as amptelike taal erken te kry. So byvoorbeeld is Afrikaans reeds in 1914 as taal aan laerskole aanvaar, in 1917 aan hoërskole en sedert 1918 is dit stadigaan by universiteite ingestel. Die Bybelvertalingsproses was in wese die dryfkrag tot die proses om Afrikaans as skryftaal erken te kry. Ponelis (1998: 60) sê dan ook dat die vertaling van die Bybel in die eie taal “’n besonder belangrike hoofstuk van die geskiedenis van enige standaardtaal” is. Dit was ook die geval met Afrikaans. Verskeie vertalingspogings, waarin aangetoon is dat Afrikaans wel as taal van die Bybel gebruik sal kan word, het reeds vanaf 1889 begin verskyn toe die proefuitgawe van Genesis (vertaal deur ds. S.J. du Toit) bekend gestel is. Dit is spoedig deur ander Bybelboeke opgevolg wat bygedra het tot ds. B.B. Keet se vurige pleidooi in 1914 dat die tyd vir “Die Bybel in Afrikaans” geleë is (vergelyk Heyl en Nienaber, 1963, Ponelis, 1998: 60, Carstens en Raidt, 2019: 407).

Die verskyn van die eerste proefuitgawe van *Die Vier Evangelieë en Die Psalme* in 1922 het bewys gelever dat Afrikaans as taal van godsdienstebeoefening sou werk. Die uiteindelige eerste volwaardige Bybelvertaling van 1933 staan uit as ’n baken op die ontwikkelingspad van Afrikaans – dit het konkrete bewys gelever dat Afrikaans ’n volwaardige skryftaal is waarin álles uitgedruk kan word wat die taalgemeenskap sou wou doen. Jackson (2013: 3) sê selfs die “verskyning van die eerste Bybelvertaling was die belangrikste gebeurtenis in die ontwikkeling van Afrikaans”.

Die feit dat die Bybel eers in 1933 gepubliseer is (dus eers ná 1925), dien ook as bewys dat idealisme, harde werk en ’n strewe beloon word as die proses deurloop is en die produk (die nuut vertaalde Bybel in die eie taal) in die hand vasgehou word. Volgens Van Rensburg et al. (1997: 69) het die Afrikaans van die Bybelvertaling daarna ’n enorme invloed gehad op die gebruik van Afrikaans, nie net as skryftaal nie, maar ook as spreektaal: “Dit was die voorbeeld wat baie sprekers gereeld gehoor en selfs nagevolg het. Vir baie Afrikaanssprekendes was dit die korrekte manier om die taal te praat, al het die gesprekke nie juis in ’n Bybelkonteks plaasgevind nie.”

Met die hulp van hierdie twee funksies kon die sprekers van Afrikaans onderwys ontvang in hulle taal (op die drie vlakke wat geld: primêr, sekondêr en tersiêr) en kon hulle hul geloof beoefen (dit wil sê Bybel lees, preke in Afrikaans hoor, sing in Afrikaans). Die verkryging van hierdie twee funksies, en die aanvaarding

daarvan deur die Afrikaanse taalgemeenskap van die tyd, dien as uiters belangrike mylpale in die geskiedenis van Afrikaans, omdat hierdie eerste (funksie)strewes suksesvol was.

Sedert 1925 het Afrikaans onder meer die onderstaande funksies bygekry. Elke funksie word kortliks toegelig aan die hand van toepaslike datums en van gebeure wat die verloop van die proses bepaal het.

3.1 Afrikaans het 'n taal van regspleging geword

Dit is een van die inherente strewes van sprekers dat hul taal as taal van regspleging, dit wil sê as taal in die hof, in prosesstukke en as die taal waarin wette oor alle aspekte van die samelewing geskryf word, gebruik word. Die vermoë om jou te kan verdedig teen aanklagte, 'n behoefte van sprekers in enige taal juis omdat jy jou die maklikste en beste in jou eie taal uitdruk. Dit verg ook gesofistikeerde taalgebruik, en daarvoor is terminologie wat jy goed begryp en vertrouwd mee is in jou eie taal nodig.

Afrikaans het oor baie jare ook hierdie funksie verkry en dit is gedokumenteer in die geskiedenis van regspleging in Afrikaans. Nie net is regsuitsprake reeds vroeg in Afrikaans gemaak nie (al in 1919), maar die taal het ook ontwikkel as taal van opleiding en as vaktaal en in hierdie proses het dit wetenskapstaal geword – boeke, artikels, nagraadse studies, uitsprake is hierin geskryf (vergelyk Loubser, 2011, Viljoen, 1992, asook Hiemstra en Gonin, 1992 oor 'n regswoordeboek in Afrikaans).

Sedert 1994 is hierdie funksie egter onder druk en word Afrikaans al hoe minder in die hof gebruik. Carstens (2014) berig dat daar teen 2014 in net meer as 5% van strafsake nog Afrikaans gebruik word (vergelyk Carstens, 2014: 23) en daar kan aangeneem word dat dit teen 2022 nog minder sal wees. Aan min Suid-Afrikaanse universiteite word regsopleiding sedert ongeveer 2010 nog slegs in Afrikaans aangebied. Hierdie funksie van Afrikaans is derhalwe tans sterk onder druk en daar is geen rede om te dink dat die posisie in die toekoms omgekeer sal word nie.

3.2 Afrikaans het 'n taal van die parlement geword

Afrikaans is formeel in die parlement erken in 1925, alhoewel dit al vanaf 1918 gebruik is, tóe weliswaar nog nie in wetsontwerpe, wette en amptelike dokumente nie. Sedertdien was Afrikaans weens sy status as amptelike taal volledig deel van die aktiwiteit in die Suid-Afrikaanse parlement en kon dit op alle terreine gebruik word (vergelyk Van der Merwe en Posthumus, 1972: 89).

In die tydperk voor 1948 het Engels wel as parlementêre gebruikstaal oorheers, maar in die tydperk 1948–1994 was Afrikaans weer die dominante taal.

Sedert die inwerkingtreding van die nuwe parlement na afloop van die demokratiese verkiesing van 1994, en met nuwe taalbepalings in ’n nuwe Grondwet (1993, 1996), kom meertaligheid meer na vore in die parlement, en dit word hanteer met die hulp van opgeleide tolke (vergelyk Hibbert, 2016: 29–43). Die patroon het sedert 2000 ontwikkel dat Engels die voorkeurtaal in die parlement geword het en ’n mens sal selfs kan aanvoer dat dit die verstekpatroon geword het, maar Afrikaans word wel steeds tydens parlamentsittings deur van die politieke partye gebruik (soos die Vryheidsfront Plus), alhoewel in ’n mindere mate as vroeër. Die kans dat die gebruik van Afrikaans in die toekoms weer in die parlement in gebruik sal styg, is uiters skraal. Ook hier is daar geen rede, of selfs teken, dat dit in die toekoms sal verander nie.

3.3 Afrikaans het ’n taal van die staatsdiens geword

In ’n meertalige land hang ’n taal se gebruik in die staatsdiens af van die voorkeurtaal of -tale van die regerende party van die dag. Ook in Suid-Afrika word die staatsdiens hierdeur gekenmerk. Dit was in die verlede die geval en dit is steeds vandag so. In die tydperk 1925–1948 was ’n goeie gebruiksvaardigheid in Engels ’n voorvereiste vir werk in die staatsdiens en in die tydperk 1948–1994 was vaardigheid in of kennis van Afrikaans weer ’n belangrike faktor met die oog op betrekkings in die staatsdiens.

Giliomee (2014: 577) beklemtoon dat Afrikaanssprekendes (en ook Afrikaners) lank sterk verteenwoordig was in die staatsdiens, maar dat die staatsdiens ná die verkiesing van 27 April 1994 die ruimte geword het waarbinne die ANC sy politieke filosofie van transformasie en demografiese verteenwoordiging uitgeleef het. In hierdie proses het talle wit en bruin Afrikaanssprekende amptenare hulle poste in die staatsdienssektor verloor weens die beleid van regstellende aksie (“affirmative action”) en hulle is grotendeels vervang deur amptenare uit Afrikataalgemeenskappe, wat Afrikaans nie altyd goedgesind was (en steeds is) nie.

Dit het uiteraard tot ’n beduidende afname in Afrikaanse funksies gelei, in die besonder met daardie funksies wat verband hou met die dienste wat die staat op die verskeie vlakke (plaaslike regering, provinsiale regering en nasionale regering) aan die burgers van die land moet lewer, soos onderwys (waar talle skole en ook universiteite Engels geword het), regspleging (howe het byvoorbeeld grootliks Engels geword omdat oorwegend Engelse amptenare aangestel is, soos Engelssprekende polisie-amptenare en Engelssprekende regters, landdroste, ensovoorts). Staatsinstellings het gewoon voortgegaan om

Engels in te voer as voorkeurtaal vir kommunikasie en korrespondensie op feitlik elke vlak (Poskantoor, Telekommunikasie, SA Inkomstediens, SA Polisie, elektriesiteitsvoorsiening, munisipaliteite, ensovoorts). Oor die jare is vir feitlik elkeen van hierdie terreine vakwoordeskat en vakwoordeboeke ontwikkel. Hierdie agteruitgang is omvattend gedokumenteer in briewe in koerante, verslae, publikasies in die media, sowel as in akademiese boeke (soos in Giliomee en Schlemmer, 2001) en artikels. Afrikaans boer hier duidelik flink agteruit.

3.4 Afrikaans het 'n taal van die politiek geword

Deur die geskiedenis was daar nog altyd 'n verskil in politieke benaderings tot die bestuur van 'n land. Dit lei tot die totstandkoming van verskillende politieke partye met verskillende geskiedenis, doelwitte, ondersteunersgroepe en beleide. In meertalige lande sal die verskil in politiek ook in die taal waarin die betrokke party funksioneer, weerspieël word. Die geskiedenis van Suid-Afrika is aanduidend hiervan.

Toe 'n politieke party met 'n Engelse agtergrond (die Verenigde Party) aan beheer gekom het (soos in die tydperk 1934–1948), was Engels die voorkeurtaal. Toe die beherende party uit 'n Afrikaanse tradisie en geskiedenis gekom het (soos die Nasionale Party in die tyd vanaf 1948), was Afrikaans weer die taal van voorkeur. Sedert 1994 is die ANC aan bewind in die land en hulle bepaal vandag sonder enige twyfel die taal van voorkeur. Dat dit Engels is en ook so gaan bly, is ongetwyfeld waar. 'n Mens sal sonder teenstand kan aanvoer dat dit die verstekgebruik geword het, ongeag die idealistiese taalbepalings in die Grondwet wat 'n meertalige bedeling in die land ten doel het.

Afrikaans het wel oor jare sy posisie as taal van die politiek verwerf en 'n politieke woordeskat (vergelyk onder andere Venter et al., 2017 se *Verklarende Politieke Woordeboek*) en politieke tradisie van formaat opgebou, maar hierdie posisie is teen die einde van die 20ste eeu grotendeels prysgegee ten gunste van 'n nuwe meertalige bedeling waarin voorsiening gemaak moes word vir 'n verskeidenheid partye in die nuwe politieke landskap ná 1994 (vergelyk Steyn, 1980: 477-460, 2014, asook Giliomee, 2004, 2014). Teen 2021 oorheers Engels sonder twyfel die politieke toneel (byna in 'n verstekposisie) en dit is beslis tot nadeel van Afrikaans asook van die ander Afrikatale.

Afrikaans se historiese assosiasie met die apartheidsbeleid van die tydperk ná 1948 dra ook nie by tot die aanvaarding van Afrikaans as 'n aktiewe taal van die politiek in Suid-Afrika nie (vergelyk Steyn, 1980: 255 e.v., 2014). Dit benadeel Afrikaans nog steeds en dit sal waarskynlik vir baie jare ook nog die geval wees. Afrikaans het dus wel deeglik ontwikkel as taal van die politiek, maar ook weer

weens politieke redes is hierdie status en funksie in die gedrang gebring en die kans dat dit sal verander, is uiters skraal.

3.5 Afrikaans het 'n taal van die ekonomie (in alle opsigte) geword

Na afloop van die Anglo-Boereoorlog (ABO) in 1902 was Afrikaanssprekendes verarm en verstedeliking was een van die gevolge hiervan. Die plase op die platteland was vernietig weens die Britte se verskroeiende-aardebeleid, en die infrastruktuur was tot niet. Die behoefte om te kan werk en 'n inkomste te verdien om vir die gesin te sorg, was oorheersend vir talle in dié tyd. Die sterk oorheersing van Engelssprekendes in die ekonomie van die 1920's het min ruimte gelaat vir Afrikaanssprekendes om nie net die arbeidsmark te betree nie, maar ook self werk te skep en sodoende deel van die land se ekonomiese opset te word.

Danksy die totstandkoming van instellings waarvan sommige ten doel gehad het om aan Afrikaanssprekendes (en aan Afrikaners) werk te gee, het die situasie mettertyd verander. Die stigting van instansies en maatskappye soos onder meer Nasionale Pers (1915), Sanlam (1918), Santam (1918), Yskor (1924), KWV (1924), Saambou (1928), Volkskasbank (1934), NOK (1940), Sasol (1950) het 'n rol gespeel om ook vir Afrikaanssprekendes ruimte in die ekonomie te gee. Die stigting van die Reddingsdaadbond (1939) na afloop van 'n 'volkskongres', het as mikpunt gehad die vind en beskikbaarmaak van befondsing om die Afrikaners ekonomies te help 'opstaan'. Volgens Giliomee en Mbenga (reds.) (2007: 293) moes dit die "Afrikaners help om uit hulle ekonomiese knegskap te ontsnap, en vir die mense om hul regmatige aandeel aan die ekonomie te bekom."

Een van die resultate hiervan was die totstandkoming in 1942 van Federale Volksbeleggings (FVB) wat mettertyd die basisbefondsing vir die stigting van talle Afrikaanse ondernemings in hierdie tyd verskaf het: Bonuskor, die latere Rembrandt (1948), mynbougroepe (soos Fedmyn), banke (soos Trustbank in 1956), en andere. Op hierdie wyse het Afrikaanssprekendes deel van die ekonomie begin word, nie net as werknemers nie, maar ook as werkgewers, entrepreneurs en ontwikkelaars op verskeie terreine soos bankwese, versekering, nywerhede (landbou, konstruksie, yster en staal, elektrisiteit), mynbou, kleinhandel, motor- en verwante bedrywighede. In al hierdie instellings het Afrikaanssprekendes oor die jare leidende rolle gespeel en mede daardeur het die Afrikaanse gemeenskap 'n groter aandeel in die ekonomiese lewe gekry op grond van onder andere hulle koopkrag en reputasie (onder meer dat hulle harde en getroue werkers is en dat hulle hul finansiële verpligtinge nakom).

Dit het meegebring dat die ander rolspelers in die ekonomie rekening moes (en vandag steeds moet) hou met die unieke behoeftes van die Afrikaanse

kopersgemeenskap, nie net as kopers nie, maar ook as teikengroep van reklame in Afrikaans. 'n Briefskrywer in die Afrikaanse koerant *Beeld* (29 Oktober 2012) waarsku dan ook “(m)aatskappye wat die Afrikaanse verbruiker ignoreer en hulle nie insluit by hulle advertensievelddogte nie, sluit 'n baie belangrike deel van die Suid-Afrikaanse mark uit en dit kan ook hulle winste benadeel”.

Dit alles het op sy beurt gelei tot die ontwikkel van die ekonomie as 'n selfstandige akademiese vakgebied, eiesoortige Afrikaanse ekonomiese terme (vergelyk Steenkamp en Reynders, 2004 oor 'n ekonomiese woordeboek), publikasies oor die ekonomie uit 'n Afrikaanse hoek, en verskeie Afrikaanse ekonomiese-instellings, soos hier bo genoem is. Ten spyte daarvan dat Engels vandag sterk oorheers in die sake-omgewing in Suid-Afrika, word die rol van Afrikaanse mense (as kopers en werkskeppers) steeds erken in die land, omdat Afrikaanssprekendes se gemiddelde inkomste steeds hoër as van die ander taalgemeenskappe in Suid-Afrika is. Pelsers (2015) sê dat juis hierdie faktor van belang is vir Afrikaans se toekoms, want “op die ou end gaan die ekonomiese welvaart van Afrikaanssprekendes bepalend vir die taal se toekoms wees. Afrikaans kan nie floreer as Afrikaanse mense kreppeer nie”.

Afrikaans se funksie as taal van die ekonomie het derhalwe goed gevestig geraak, maar die kans dat dit in die toekoms gaan toeneem, is nie groot nie, gesien in die lig van die negatiewe assosiasie wat steeds aan Afrikaanssprekendes gekoppel word, die dominante posisie wat Engels in die sake-omgewing verwerf het, en ook die tendens onder veral jonger Afrikaanssprekendes om te emigreer (vergelyk Mocke, 2021). In lande soos Australië, Nieu-Seeland, Kanada, Brittanje en die Verenigde State van Amerika is dit nie vreemd om Afrikaans geredelik op straat en in winkels te hoor nie (vergelyk onder andere Boonzaaier, 2019, Head, 2019, Talevi, 2019).

3.6 *Afrikaans het 'n taal van die massamedia geword*

Die media in sy volle verskeidenheid speel al oor 'n lang tyd 'n rol daarin om gemeenskappe in te lig oor wat in die wêreld en ook in hulle eie omgewing gebeur. Dit raak koerante, tydskrifte, radio en ook televisie. In die meerderheid van die gevalle vra die taalgebruikers dat dit in hulle eie tale geskied. Dit is om hierdie rede dat die geskiedenis van die ontwikkeling van die geskrewe media in 'n land 'n kernkomponent is in die ontwikkeling van 'n taal. Ook in die geval van Afrikaans was dit die geval (eie kursivering): “Die geskiedenis van die Afrikaanse pers loop hand-aan-hand met die geskiedenis van die stryd om die *erkenning van Afrikaans as 'n amptelike landstaal, die handhawing van Afrikaans ...*” sê Fourie (1994: 290).⁸

Reeds voor 1925 is daar al in verskeie koerante in en oor Afrikaans geskryf (al sedert die 1820's – vergelyk Raidt, 1991: 157-164 vir 'n oorsig van bronne), en sedert die 1870's is daar ook meer Afrikaanse koerante gestig, soos *De Volkstem*

(1873), die GRA se *De Afrikaanse Patriot* (1876), die latere *De Klijntji* (1896) en *Het Westen* (1904). Die totstandkoming van De Nationale Pers (voorloper van vandag se Naspers en Media24) in 1915 is egter die bepalende moment toe Afrikaans al hoe meer op skrif begin verskyn het en daar 'n lees- en skryfdrang ontwikkel het. *De Burger* (1915) en *De Huisgenoot* (1916) was bakens op hierdie pad (vergelyk Hugo, 2009: 129-134, Rabe, 2015, Carstens en Raidt, 2019: 445-459).

Oor die jare het 'n sterk Afrikaanse koerant- en tydskrifomgewing ontwikkel en vandag word die Afrikaanse media nog steeds as invloedryk gereken. Verkoopsyfers uit 2016 dui daarop dat Afrikaanse nuuspublikasies volhoudend onder die voorste verkopers in die land is (vergelyk Williams, 2016). Die elektroniese era bedreig wel die ou gedrukte koerante en tydskrifte. Tans is nuuswebtuistes soos Netwerk24 (www.netwerk24.com), MaroelaMedia (<https://maroelamedia.co.za/>) en ook *Vrye Weekblad* (<https://www.vryeweekblad.com>) uiters gewild en ook suksesvol (vergelyk Holzapfel, 2016, Loubser, 2017).

Die totstandkoming van radio was 'n volgende belangrike fase en die eerste Afrikaanse radio-uitsending het in 1937 plaasgevind. In 2017 is die 80-jarige bestaan van Afrikaanse radio luisterryk gevier. Vandag word Afrikaans nog daaglik oor talle nasionale en gemeenskapsradiostasies gehoor. Televisie is eers in 1976 in Suid-Afrika ingestel, en vandag word Afrikaans steeds as televisietaal op die senders van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK/SABC) gebruik alhoewel dit beperk is tot slegs een kanaal (SABC2). Die vestiging van digitale betaaltelevisie het in 1995 begin toe DStv (MultiChoice se multikanaal digitale satelliettelevisiediens in Afrika) op die lug gekom het. Die Afrikaanse kanaal kykNET is reeds sedert 1999 die primêre stasie vir Afrikaanse televisie en dit bedien deesdae al hoe meer die inklusiewe Afrikaanse taalgemeenskap in sy diverse programaanbod. (Vergelyk Steyn, 2014 vir 'n oorsig.)

Afrikaans se funksie as mediataal het goed gevestig geraak en daar is geen rede om te dink dat dit binne die afsienbare tyd sal afneem nie. In hierdie opsig is die media 'n welkome uitsondering wat die agteruitgang van Afrikaans se funksies betref.

3.7 Afrikaans het 'n taal van arbeid en van die werksplek geword

Van Rensburg et al. (1997: 65) sê “een van die belangrikste gebruiksterreine van Afrikaans is die arbeidsveld”, dus as taal van werk, en dat Afrikaans vir lank as 'n soort lingua franca in die werksplek in Suid-Afrika gefunksioneer het. Afrikaans het in die loop van die 20ste eeu inderdaad ontwikkel as 'n taal waarin werk verskaf kan word en wat ook gebruik kan word om werk te soek én te vind. Afrikaans kan dus gebruik word om 'n inkomste te verdien en het derhalwe

ekonomiese waarde vir talle mense. Dit geld al sedert die begin van die 20ste eeu. Met die groei van Afrikaans as taal van die ekonomie het ook die funksie as taal van werksverskaffing gekom. Kennis oor en die gebruik van Afrikaans het hier duidelik praktiese nut – dit is naamlik een van die hoofvereistes as 'n taal as hoëfunksietaal wil ontwikkel.

Afrikaans het in hierdie konteks 'n eie woordeskat (terminologie) ontwikkel en saam hiermee het terminografie 'n akademiese terrein geword, soos weerspieël word in die magdom publikasies (artikels, verslae, boeke, nagraadse studies) in en oor hierdie terrein. Vakwoordeboeke oor bykans elke terrein van die werksomgewing het sedert 1925 ontwikkel en dit reflekteer die groei in Afrikaans as taal in die arbeidsomgewing (waaronder administrasie, bestuur, beheer, sielkunde en werwing). In hierdie opsig is Afrikaans deeglik 'n taal van werk en van beroepe en as gevolg hiervan 'n taal waarin hierdie besondere hoë funksies daaglik in talle opsigte uitgevoer word.

Dit sal egter dof vir die werklikheid wees om nie die invloed van die nuwe politieke konteks sedert 1994 op Afrikaans in die uitvoer van hierdie funksie in ag te neem nie. Die misbruik van politieke mag deur Afrikaanssprekendes in die vorige bedeling het talle mense naamlik van Afrikaans vervreem en dit dra daartoe by dat Afrikaans tans stelselmatig uitgerangeer word in verskeie werkskringe. Ten einde verlore grond te herwin, sal Afrikaans in die posisie moet kom waar dit steeds vir mense nuttig is om die taal te gebruik, in die besonder vir moedertaalsprekers (die primêre taalgemeenskap). In hierdie proses moet Afrikaans ook aantreklik vir vreemdtaalsprekers (die sekondêre taalgemeenskap) gemaak word sodat hulle hierdie taal om praktiese redes wil aanleer.

Engels het helaas in die afgelope 27 jaar 'n groot deel van die terrein wat Afrikaans in hierdie konteks ingeneem het, oorgeneem en die waarskynlikheid dat dit sal toeneem, is reeds elders in die artikel vermeld.

Ook as taal van die georganiseerde arbeidsomgewing, in die besonder as taal van vakbonde, het Afrikaans ontwikkel en gevestig geraak. Die oorwegende taal in hierdie verband was en bly egter steeds Engels. Die aard van die rol (konstruktief of afbrekend) van die huidige vakbond wat oorwegend in Afrikaans funksioneer, Solidariteit⁹ en die Solidariteit-geaffilieerde burgerregte-organisasie AfriForum, sal egter bepalend wees met betrekking tot die volhoubaarheid van Afrikaans as taal van georganiseerde arbeid. Die veldtogte namens Afrikaanse werkers sal 'n sagter aanslag moet inneem as wat in sommige van hierdie instansies se veldtogte die geval is.

Afrikaans het die funksie as taal van (georganiseerde) arbeid en in die werkplek met moeite verwerf, maar dit is weens die nawerking van politieke gebeure sedert 1948 onder druk. Dit sal waarskynlik verder agteruit boer in die afsienbare toekoms.

3.8 Afrikaans het 'n taal van vermaak en ontspanning geword

Steyn (1980: 16, 23) sê dit is kenmerkend van 'n standaardtaal dat dit ingespan sal word om kulturele funksies te vervul. Hiermee word bedoel dat 'n taal gebruik sal word deur individue en gemeenskappe om deel te neem aan die breë kultuurlewe wat die taal aanbied, waaronder vermaak en ontspanning in sy breedste vorm, soos rolprente en televisieprogramme, toneel en teater, die bywoon van en deelname aan kunstefeeste, die skryf en lees van letterkunde, die skep van en luister na musiek, deelname aan sport.

Afrikaans en Afrikaanssprekendes hoef hier nie terug te staan nie, want Afrikaans is vandag 'n gevestigde taal op die gebied van sport, rolprente, teater en feeste. Op die meerderheid van hierdie domeine is daar instansies wat die leiding neem in die georganiseerde lewe in die betrokke domein. So byvoorbeeld speel die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) en die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) belangrike rolle in die uitbou van die kunste in Afrikaans, laasgenoemde tans wel in 'n geringer mate as in die verlede.

Deelname aan sport (oor die hele spektrum) is 'n natuurlike deel van Afrikaanssprekendes se ontspanningsaktiwiteite en tydverdrywe. Om hierdie rede sou terme ook ontwikkel moes word om Afrikaanse sprekers toe te rus met die nodige woordeskat om in hulle sport in hulle moedertaal te kan beoefen. Die woordeskat op hierdie terreine is ook reeds goed gevestig in gebruike (soos die taal van radio- en televisieuitsendings, aankondigings langs sportvelde), vakwoordeboeke, talle publikasies, navorsing, ensovoorts.

Joernaliste by Afrikaanse koerante en omroepers by Afrikaanse radiostasies (sedert 1937) het gehelp om aan Afrikaans sy eie sporttaal te gee, en woorde soos 'pypkan', 'dryfhou', 'setperk', 'streepbal', 'kolhou', 'hulpdoel', 'skeidsregter', 'handbal', en andere is vandag deel van sportdeelnemende en sportondersteunende Afrikaanssprekendes se woordeskat. Die invloed van Engels word egter al hoe meer waargeneem op hierdie terrein(e). Baie Afrikaanssprekendes ken die Engelse benaminge en gebruik gevolglik nie meer die erkende Afrikaanse sportterme nie. Vir soveel mense is die erkende Afrikaanse sportterme inderdaad wesensvreemd.¹⁰

Ook die rolprentkultuur is al lank deel van Afrikaanssprekendes se ontspanningsaktiwiteite. Fourie (1994: 314) sê selfs: "Suid-Afrika het naas Hollywood die oudste rolprentbedryf in die wêreld". Die bewys hiervan is te vind in opnames van gebeure in die ABO van 1899–1902. Die oudste volwaardige Afrikaanse rolprent, *Die Voortrekkers* (1916), is spoedig opgevolg deur talle ander rolprente, waarvan sommige goed en ander weer power was. Oor die jare het die rolprentbedryf gegroei en dit is vandag 'n gevestigde bedryf in die land, ook in Afrikaans.

Leon van Nierop dokumenteer in sy boek *Daar doer in die fliek* (2016), wat ook in 'n dokumentêre reeks verwerk is vir kykNET, omvattend die ontwikkeling van die Afrikaanse rolprentbedryf en hy toon hier aan dat die Afrikaanse rolprentbedryf in fases ontwikkel het, hoe dit – soos soveel ander aspekte in Suid-Afrika – deur die politiek beïnvloed is, en wat die stand van die Afrikaanse rolprentwese vandag is. Dit is duidelik dat die Afrikaanse rolprentbedryf vandag op eie bene staan, soos blyk uit talle rolprente en kortprente wat gereeld verskyn.¹¹ Danksy kykNET se steun word ook al hoe meer rolprente vervaardig en uitgesaai. Die bydrae van die Nasionale Afrikaanse Teater-inisiatief (NATi) “wat hom beywer vir en toegespits is op die bevordering van Afrikaanse teater en toneel op 'n inklusiewe grondslag tot voordeel van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap”¹² moet hier ook nie onderskat word nie omdat dit broodnodige finansiële steun gee vir produksies in Afrikaans.

Afrikaans het sedert die middel 1990's as taal van kunstefeeste in die land gevestig geraak. Talle feeste, waar teater 'n kernrol speel, is sterk gemik op die Afrikaanse gemeenskappe, soos die jaarlikse Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) op Oudtshoorn, die Innibosfees op Nelspruit/Mbombela, die Aardklopfes op Potchefstroom, die Woordfees op Stellenbosch, en verskeie andere. Vir talle Afrikaanssprekendes is die bywoon van die feeste 'n jaarlikse hoogtepunt. Die feeste as sodanig het ook aan Afrikaanse rolprent-, televisie- en teaterakteurs 'n bestaanslewenslyn gegee en op hierdie wyse het die kunste weer die funksie van werk gevoed. Die Covid-pandemie het tydens die inperkinge van 2020 tot 2021 die bedryf egter 'n geweldige finansiële knou gegee en die vertroue is dat dit wel in die toekoms weer op dieselfde vlak as in die verlede sal kom.

Afrikaans as taal van ontspanning is derhalwe goed gevestig, maar die invloed van Engels kan (en gaan waarskynlik) dit mettertyd wel raak.

3.9 Afrikaanse het 'n taal van kulturele uitdrukking geword

Steyn (1980: 16, 23) is hier bo aangehaal oor die kwessie dat dit kenmerkend is van 'n standaardtaal dat dit gebruik sal word om 'n aantal 'kulturele funksies' te vervul. Die vraag hier is: wat behels die kulturele funksies? Kultuur in die breë sin hou verband met die mens se belewing van die wêreld rondom hom/haar en hoe hy/sy deel raak daarvan en hoe hy/sy dit uitleef binne die gemeenskap waarvan hy/sy deel is. Dit raak ook gebruike en gewoontes wat onderskeidend is van ander groepe, en ook die wyse waarop hulle as individue en as groep die omgewing waarbinne hulle woon, interpreteer.

Hierdie gebruike, gewoontes en uitleefmaniere word weerspieël in die wyse waarop die gemeenskap kuns beoefen, letterkunde produseer (en ook wat in die

letterkunde voorkom as temas en karakters) en intieme gevoelens uitbeeld met die hulp van teater en toneel (sien weer hier bo vir meer hieroor). Dit raak egter ook hoe die gemeenskap godsdiens beoefen, onderwys verskaf, die kleredrag wat in die gemeenskap voorkom, dit wat in die media na vore kom, en hoe die gemeenskap hul uitleef in musiek (skep en uitvoer), hulle ontspanningsgewoontes, eetgewoontes, kuiergewoontes, vakansiegebruike, hoe gesagsfigure hanteer word, en so meer. Dit gee dus 'n totale beeld van die eiesoortigheid van die betrokke taalgemeenskap in teenstelling met ander taalgemeenskappe.

Dat die Afrikaanse gemeenskappe in hul kulturele uitlewing verskil van ander taalgemeenskappe se uitlewing van ooreenstemmende gebruike en gewoontes, is duidelik vir enige een wat met die Afrikaanse gemeenskappe te doen het. In die proses van hierdie uitlewing ontwikkel die taal stelselmatig tot 'n standaardtaal in terme van sy wyer gebruik, kry dit 'n eie woordeskat wat in vakwoordeboeke opgeteken word, word haarfyn opgeteken hoe die unieke kultuur uitgeleef word en ontwikkel daar 'n kulturele industrie. Dit dien dan as 'n soort templaar vir die behoud, maar ook bevordering van die betrokke kulturele gebruike en gewoontes vir die volgende geslag.

Kultuur word dikwels in georganiseerde verband aangebied, dus waar organisasies of verenigings die verantwoordelikheid neem om die groep se deelname aan kulturele aktiwiteite te bestuur. Organisasies soos die FAK (gestig in 1929) en die ATKV (gestig in 1930) se veelheid en omvang van aktiwiteite het sedert hulle ontstaan 'n enorme impak gehad op nie net die ontwikkeling, bevordering en beskrywing van die Afrikaanse kulturele lewe in al sy fasette (kuns in die breë sin, musiek, toneelkuns, letterkunde, debatsvoering, aanbied van feeste, ensovoorts) nie, maar ook en veral op die deursuur van hierdie prosesse op die ontwikkeling van Afrikaans as taal – beide as standaardtaal, maar ook rakende die opteken, uitbou en bewaar van Afrikaans se variëteite. Hierdie ontwikkeling is in talle bronne deeglik gedokumenteer (soos in Ferreira, 2020 oor die ATKV).

Afrikaans dien as 'n taal van kulturele uitlewing en hierdie funksie is vandag (steeds) goed gevestig.

3.10 Afrikaans het 'n taal van die kunste geword

Die vermoë om jou in jou eie taal op kunsvlak uit te druk, is 'n kenmerk van 'n standaardtaal. Dit gee naamlik “a clue to their inner world” (Burger, 2006: 103). Hierdie eiesoortige ‘innerlike wêreld’ is duidelik waarneembaar in die produkte van kunsuitdrukking soos skilder- en beeldhoukuns, musiek, en toneel. Dit is ook met Afrikaans die geval.

Afrikaans het oor die jare ongetwyfeld 'n taal van kunsuitdrukking geword en

vandag is die skilder- en beeldhoukuns van Afrikaanssprekendes wyd bekend, soos in die werk van Coert Steynberg, J.H. Pierneef, Anton van Wouw, Bettie Cilliers-Barnard, Esias Bosch, Evette Weyers, Willie Bester, Tienie Pritchard, en andere. Die kwaliteit van die kunsprodukte (soos skilderye en beeldhouwerke) dra daartoe by en van hierdie produkte is wêreldwyd gesog. In hierdie proses het ’n eie woordeskat, vakterrein en industrie ontwikkel. Afrikaans is hier stewig gevestig, soos die publikasie van ’n onlangse nuwe tweetalige kunstewoordeboek getuig (vergelyk Duffy en Roets, 2021).

Dit geld ook vir musiekuitdrukking as kuns. Die kwaliteit van byvoorbeeld Afrikaanse koormusiek en klassieke musiek getuig van intense kulturele uitlewing en beleving op velerlei vlakke (vergelyk Steyn, 1964, Bouws, 1982, Roggeband, 2009). Dit is soos Burger (2006: 103) sê die “musical pulse of the people” wat “a clue to their inner world” gee – in hierdie geval van die Afrikaanssprekende se ‘innerlike wêreld’. Om hierdie rede verdien dit ‘akademiese en artistieke erkenning’, want dit reflekteer iets van Afrikaanssprekendes se manier van lewe. Ook hier is Afrikaans dus goed geposisioneer.

Afrikaans se toneelkuns is in ’n groot mate ook die verhaal van die ontwikkeling van Afrikaans as standaardtaal. Die ontwikkeling van ’n toneelkultuur is omvattend in Afrikaans gedokumenteer (vergelyk onder andere Binge, 1969, Du Toit, 1988, Botha, 2006) en hieruit blyk ook die stadige ontwikkeling van die selfvertroue in die gebruik van Afrikaans op hierdie gebied. Soos hier bo in 3.8 aangedui is, speel kunstefeeste ’n belangrike rol om die toneelwêreld van die Afrikaanse gemeenskap lewendig te hou en help NATi om nuwe teater- en toneelprojekte te befonds.

3.11 *Afrikaans het ’n taal van die letterkunde geword*

Een van die belangrikste funksies van ’n taal is die vermoë van die taal om letterkunde¹³ daarin te bedryf. Die digter T.T. Cloete (2014: 9) het by geleentheid gesê “die literatuur is die kosbaarste besit van enige volk”, juis omdat dit in die besonder in geskrewe taal verwoord waaroor ’n taalgemeenskap dink. Deur die letterkunde leer ’n taalgemeenskap homself ken via die mooi en die lelik van die taalgemeenskap soos dit in die letterkunde se temas, stories en karakters uitgebeeld word.

Vanselfsprekend geld dit vir Afrikaans ook dat die taalgemeenskap in sy letterkunde homself uitbeeld. Daar is min funksies wat die ontwikkeling van Afrikaans as taal so goed weerspieël as juis die ontwikkeling van ’n eie Afrikaanse letterkunde, reeds sedert die einde van die 18de eeu toe die GRA se grondleggers kreatief in Afrikaans begin skryf het. In die besonder ook toe die skrywer Eugène Marais se gedig “Winternag” in 1905 bewys het dat Afrikaans sonder enige twyfel

'n taal van fyn kulturele uitdrukking is (vergelyk Pienaar, 1943, Carstens en Raidt, 2019).

Die letterkunde van Afrikaans (in al sy fases) dien as 'n sigbare monument van Afrikaans se groei en ontwikkeling, van die hoogtepunte maar ook die laagtepunte in die Afrikaanse gemeenskap se geskiedenis. Dit bewys ook Afrikaans se vermoë om as 'n standaardtaal op te tree. Die letterkunde is in wese 'n uitsondering wat die ander funksies betref. Die letterkundefunksie is stewig gevestig en daar is geen rede om die volhoubaarheid hiervan te betwyfel nie. Dit gaan om die waarheid te sê goed met die Afrikaanse letterkunde gesien in die lig van die boeke en bundels wat gereeld by uitgewers soos NB Uitgewers, Protea Boekhuis, Naledi, LAPA/Penguin, talle selfpublikasies (waarvan die gehalte egter sterk wissel), en andere verskyn.

Die ontwikkeling van die Afrikaanse letterkunde is oor die jare deeglik in talle bronne gedokumenteer – vergelyk hier onder meer Dekker (1970), Cloete (1980), Kannemeyer (1983, 1984, 2005), Van Coller (2015, 2016). Ook in afdeling 1 hier bo is gewys op standaardbronne rakende die Afrikaanse letterkunde.

3.12 *Afrikaans het 'n taal van die wetenskap geword*

Dit is 'n tipiese eienskap van 'n standaardtaal dat dit ingespan word om die wetenskap in die betrokke taal te beskryf. Die gebruik van 'n taal as taal van die wetenskap is een van die hoogste strewes van elke taalgemeenskap, want dan het 'n taal ware volwassenheid bereik. Dit behels die unieke uitdruk van aspekte van die wetenskap – in sy breedste moontlike sin – om te rapporteer hoe die sprekers van die betrokke taal die funksionering van die unieke wêreld in al sy komponente om hulle ervaar. Hiervoor word eie terme (tegniese woordeskat) geskep om die wetenskaplike kyk op hierdie sake (en talle ander) te kan verwoord.

Van Schalkwyk en Kroes (1982: 113) reken dat “vir die ontwikkeling en voortbestaan van Afrikaans [...] 'n eie *vaktaal* van deurslaggewende belang” (eie kursivering) is. Afrikaans het al vroeg hierdie funksie verwerf, soos blyk uit die kort oorsigte hier bo oor die toepaslike funksies. Die produkte hiervan is vakkundig deeglik gedokumenteer in talle wetenskaplike publikasies, reeds sedert die 1920's (vergelyk Pienaar, 1943, Naudé, 1974, Brink, 1975, Esterhuyse, 1975, Mouton, 2005, Kapp, 2009, 2012). In 'n beduidende opsig is die ontwikkeling van Afrikaans as selfstandige taal stewig gekoppel aan die groei van Afrikaans as taal van die wetenskap. Giliomee (in Van Rensburg, 2018) sê Afrikaans het in hierdie proses “een van net vier tale (geword) wat in die 20ste eeu van 'n spreektaal met 'n beperkte status ontwikkel het tot 'n taal wat in alle fasette van die openbare lewe gebruik kan word, insluitende as volwaardige wetenskaptaal”.¹⁴

Die politiek van die laat 20ste eeu en ook in die vroeg 21ste eeu het egter 'n groot impak op Afrikaans se volgehoue groei as taal van die wetenskap gehad en veral sedert die vroeë 2000's het daar 'n beduidende swaai weg van Afrikaans as taal van die wetenskap gekom en Engelse publikasies oorheers sedertdien die wetenskaplike toneel in Suid-Afrika. Met die stadige wegwyn van Afrikaans as taal aan universiteite in Suid-Afrika gaan hierdie tendens voortduur en selfs in intensiteit toeneem. “Geen taal kan sy volle potensiaal bereik of aanhou verweselik as hy kunsmatig by die hekke van die akademie gestuit word nie,” aldus Pelser (2017: 11).

Die gevaarligte vir Afrikaans flikker hier baie sterk. Botha (2015) waarsku dan ook dat “Afrikaans (...) slegs sy funksie as wetenskapstaal (sal) kan behou as akademië in Afrikaans bly publiseer en só die terminologie lewend hou”. Of dit sal gebeur, is 'n ope vraag in die lig van die dominansie van Engels as taal in die wetenskap. Hierdie funksie van Afrikaans is gevolglik baie sterk onder druk.

3.13 Afrikaans het 'n taal van die tegnologie geword

“'n Belangrike aanduiding van die gesondheid van Afrikaans se ekosisteem is die taal se digitale voetspoor,” sê Beukes (2016). “Dit is geen geheim dat baanbrekerswerk op tegnologiese gebied die wêreld soos ons dit ken die afgelope dekade wesenlik verander het nie. ... Tegnologie en nuwe uitvindings het nog altyd die mensdom en sy leefwyse na nuwe hoogtes gedryf” (Du Plessis, 2016: 34). Hierdie tegnologiese ontwikkeling in die wêreld en in die wetenskap het Suid-Afrika nie verby gegaan nie, en dit het op bykans alle vlakke in die Suid-Afrikaanse samelewing plaasgevind, ook in Afrikaans as taal.

Vandag kan 'n wêreld sonder gesofistikeerde tegnologiese hulpmiddele soos rekenaars, skootrekenaars, tablette, selfone, radio's, televisiestelle, aanlyn hulpmiddele, en natuurlik e-pos, kwalik bedink word. Die ontwikkeling van taaltegnologie as dissipline en as navorsingsterrein sedert die vroeë 2000's het baie nuwe taalprodukte moontlik gemaak, wat vroeër ondenkbaar was, soos spel- en grammatikatoetsers, masjienvertaalprogramme, ensovoorts.

Só byvoorbeeld word die werk aan die laaste paar dele van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) met die hulp van rekenaarprogramme bespoedig (en dit kan bydra dat die werk aan die WAT met meer as tien jaar verkort word)¹⁵, is daar grammatika- en speltoetsers in Afrikaans (en verskeie ander tale in Afrika) danksy werk van die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeX) aan die Noordwes-Universiteit beskikbaar, doen die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) (in samewerking met die Meertens Instituut in Amsterdam, Nederland) baanbrekerswerk met die opteken van die Afrikaanse grammatika¹⁶, en word die Afrikaanse Wikipedia

(vergeelyk Pretorius, 2016, Jansen, 2021) tans ontwikkel sodat dit op gelyke vlak met die inskrywings in ander tale kan wees.

Afrikaans se funksie as taal van die tegnologie het nie agterweë gebly in vergelyking met dié van ander tale nie. Die hoop is dat daar volgehou sal kan word om hierdie funksie uit te bou.

3.14 *Afrikaans is 'n gekodifiseerde taal*

As gevolg van die verkryging van al hierdie funksies en die prosesse wat daarmee gepaard gegaan het, het Afrikaans 'n goed gekodifiseerde taal geword, dit wil sê 'n taal waarvan die standaardvariëteit behoorlik beskryf en opgeteken is (vergeelyk Van den Berg, 2002: 335, Carstens, 2018). Deumert (2000: 389) sê "(c)odification refers to the creation of a linguistic standard or norm for a selected code and is commonly divided into three stages: graphisation (developing a writing system), grammatication (deciding on the rules/norms of grammar) and lexicalisation (identifying the vocabulary)." Hierdie kodifiseringsproses verloop altyd oor 'n redelike tyd en beweeg 'stappie vir stappie' vorentoe

Ook in Afrikaans het grafisering (spelsisteem), grammatifisering (grammatikale sisteem) en woordeskatontwikkeling en die opteken daarvan in woordeboeke (leksikalisering) plaasgevind en wel oor 'n tydperk van 50 tot 80 jaar. Van Rensburg et al. (1997: 49) vat hierdie moeisame en tydsame ontwikkeling netjies saam:

'n Nuwe amptelike taal moet in die eerste plek geskryf en gespel kan word. Die taal se woordeskat moet ook verryk word en so bruikbaar moontlik gemaak word – in die onderwys, die hof, waar ambagte beoefen word, waar daar gestudeer word, waar gelees, geluister en ontspan word. Die taal word uitgebrei deur koerante, die radio en televisie, woordeboeke, vakterme, 'n Bybelvertaling, onderwysmoontlikhede, ensovoorts.

Vandag het Afrikaans die opgetekende resultate van hierdie proses – die onderskeie uitgawes van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (1917–2017) dien as toonbeeld van die ontwikkeling en groei van die Afrikaanse spellingstelsel, talle taalkundeboeke waarin die struktuur van Afrikaans uiteengesit is, en ook 'n groot verskeidenheid woordeboeke om die uniekheid van Afrikaans se leksikale skat te weerspieël.

Die ontwikkel van die onderskeie funksies (deur middel van die ontwikkeling van woordeskat, die skep van 'n behoefte aan ontwikkeling op onontginde terreine) het derhalwe bygedra tot die aard en omvang van Afrikaans se kodifisering.

In die volgende afdeling word 'n samevattende oorsig gegee van hoe Afrikaans se funksies ontwikkel het en wat die huidige stand daarvan is. Dit sal dan dien

as basis vir 'n verkenning van hoe die stand van funksies 'n impak kan hê op die toekomstige gebruik van Afrikaans.

4. Afrikaans se funksies: Vergelykend beskou – die huidige stand van sake

Afrikaans se funksies is, soos hier bo aangedui, nie eensklaps verwerf nie. Dit het naamlik oor 'n lang tydsverloop gebeur, te wete die grootste gedeelte van die 20ste eeu. Een funksie is verkry en teen daardie tyd het die proses vir 'n volgende een reeds begin. Afrikaans se geskiedenis en in die besonder die onstuimige politieke konteks van onder meer 2015 tot 2021 het hierdie funksies egter nie ongeskonde gelaat nie, soos blyk uit die onderstaande vergelykende skema.

Afrikaans se funksies – vergelykend

Simbole om te help met interpretasie

↔ = Funksie stabiel

↔ ? = Funksie onder druk

↘ = Funksie neem af

↗ = Funksie neem toe

Funksies van standaardtale	Stand van funksies van Afrikaans 1925	Stand van funksies van Afrikaans 1994	Funksies van Afrikaans 2020/2021	Projeksie 2020–2040: behou, styg, daal, kwyn
Taal van onderrig: skole en universiteite	Ja [1914 skole; 1918 universiteit] ↗	Ja ↗ ↔	SKOLE: Ja, <u>maar</u> neem af onder druk van Engels en regeringsbeleid ↘ UNIVERSITEITE: Ja, <u>maar</u> neem af onder druk van Engels en regeringsbeleid ↘	↘ ↘
Taal van godsdiens	Ja [1918] ↗	Ja ↗ ↔	Ja, <u>maar</u> brei nie uit nie ↔	↔
Taal van regspleging	Nog nie [cers sedert laat 1930's] ↗	Ja ↗ ↔	Ja, <u>maar</u> neem vinnig af ↘	↘

Taal van die parlement	Ja [sedert 1925] ↗	Ja ↗ ↔	Ja, <u>maar</u> neem vinnig af ↘	↘
Taal van die staatsdiens	Beperk [neem toe sedert 1948] ↗	Ja ↗ ↔	Ja, <u>maar</u> neem vinnig af ↘	↘
Taal van die ekonomiese	Beperk ↗	Ja ↗ ↔	Ja, <u>maar</u> neem vinnig af ↘	↘
Taal van die politiek	Beperk, in proses ↗ ↔	Ja ↗ ↔	Ja, <u>maar</u> neem vinnig af ↘	↘
Taal van die geskrewe media (koerante, tydskrifte)	Beperk [word algaande sterker, veral ná 1915] ↗ ↔	Ja ↗ ↔	Ja, steeds bevestig en brei uit op sekere punte, <u>maar</u> die gevare sigbaar ↔ ?	↔
Taal van die radio en televisie	Nog nie Ja [sedert 1930's] ↗ ↔	Ja ↗ ↔	Ja, steeds bevestig en brei uit op sekere punte, <u>maar</u> die gevare sigbaar ↔ ?	↔
Taal van arbeid en werk	Beperk [algaande toename sedert 1920's] ↗ ↔	Ja ↗ ↔	Ja, steeds 'n belangrike middel vir werksver-skaffing, <u>maar</u> die gevaar en impak van Engels sigbaar en word al hoe groter ↔ ?	↔ ? ↘
Taal van vermaak en ontspanning	Beperk [eers sedert 1940's] ↗ ↔	Ja ↗ ↔	Ja, <u>maar</u> tog afname sigbaar ↘	↘
Taal van die letterkunde en die kunst	Ja [sedert 1890's] ↗ ↔	Ja ↗ ↔	Ja, steeds aktief met goeie produkte, <u>maar</u> ... ↔	↗ ↔
Vertaaltaal	Beperk [eers sedert 1940's] ↗ ↔	Ja ↗ ↔	Ja, steeds aktief met goeie produkte, <u>maar</u> ... ↔	↔

Taal van tegnologic	Eers sedert 1970's	Ja ↗	Ja, beduidende ontwikkeling ↗	↗
Taal van wetenskap	Nog nie [eers sedert laat 1920's]	Ja ↗	Ja, <u>maar</u> beduidende afname waarneembaar ten gunste van Engels ↔ ?	↘
Gekodifiseerde taal	Beperk [wel toename ná 1925] ↗	Ja ↗ ↔	Ja, steeds aktief met goeie produkte, <u>maar</u> taalbronne word tog skaarser ↔ ?	↔ ?

(Verwerk na aanleiding van Carstens en Raidt, 2019: 685-689.)

5. Verlies aan funksies en die toekoms van Afrikaans

“Sal 2017 in die annale opgeteken word as die jaar toe Afrikaans as universiteitstaal gesterf het?” (F. Smit, 2017: 4)

In die afdeling hier bo is met die hulp van 'n vergelykende tabel 'n oorsigbeeld gegee van die ontwikkeling en vestiging van Afrikaans se onderskeie funksies in die loop van die vorige eeu. Afrikaans se funksies is, soos aangedui, nie eensklaps verwerf nie. Soos die een funksie verkry is, het dit weer gelei tot die volgende een.

Hiermee is 'n soort tolboseffek aan die gang gesit aan die begin van die 20ste eeu. Hoe beter die konteks vir Afrikaans geraak het (die wind se spoed het toegeneem – Afrikaans se gebruik het toegeneem en daar was ook meer aanvaarding van die gebruik van Afrikaans in die land), hoe gouer het die funksies ontwikkel (die bos het vinniger begin rol en ander bosse saamgeneem). Dit is moeilik om presies aan te dui hoe die funksies op mekaar gevolg het, maar dit is duidelik dat dit wel begin het by onderwys en godsdiens en toe Afrikaans eers die wetenskapsfunksie verkry het, is die hoogtepunt bereik (vergelyk Van Wyk, 1996: 26).

Afrikaans se geskiedenis en in die besonder die politieke konteks van 2010 tot 2021 het egter hierdie funksies nie ongeskonde gelaat nie, soos blyk uit die bogenoemde skema. Die omgekeerde tolbosuitwerking vind nou plaas – hoe groter die druk op Afrikaans is (die politieke druk neem toe; die gevolge van vorige politieke druk begin nou deurwerk), hoe gouer begin die funksies onder druk kom en van hulle begin kwyn. En as een begin kwyn, kan 'n volgende een ook begin kwyn. Dit is amper soos 'n kykweerproses op televisie: die gebeurde

word teruggespeel in die orde waarin dit gebeur het. In hierdie proses word van die gebeure ongedaan gemaak. Funksies kán daarom beslis ook verdwyn.

Daar is geen twyfel nie dat 'n afname in Afrikaans se funksies 'n impak sal hê op die toekomstige gebruikspotensiaal van Afrikaans. Steyn (1980, 1992, 1995, 2001, 2014) dokumenteer talle voorbeelde van funksieverlies. Hy verwys (1980: 318-323) na koerantopskrifte in Afrikaanse koerante van die laat 1970's wat dit reeds toe weerspieël het. Die hedendaagse koerantopskrifte en die temas van talle briëfskrywers en meningsvormers toon dat hierdie tendens eerder toegeneem as afgeneem het.

In Carstens en Raidt (2019: 765-767) word 'n magdom terreine uitgelig waar Afrikaans reeds beduidende funksieverliese ervaar het. Afrikaansmediumskole word byvoorbeeld flink minder, aan universiteite is Afrikaans nog net 'n sekondêre onderrigtaal, staatsinstellings funksioneer feitlik uitsluitlik in Engels, sport word al hoe minder in Afrikaans uitgesaai oor radio en TV, Afrikaans kom minder in die parlement voor (Hansard is byvoorbeeld sedert 2016 net in Engels), Engels is aangekondig as die taal waarin hofrekords gehou sal word, howe gee voorkeur aan Engels bo ander amptelike tale, vergaderings by instansies word al hoe minder in Afrikaans gehou, verslae word al hoe minder in Afrikaans geskryf, die ekonomie word grootliks in Engels bedryf, ensovoorts Die gedokumenteerde verlies is ongelukkig beduidend en omvangryk. Steyn (1980: 15-18) lig enkele van die langtermyngevolg van funksieverliese uit:

- Die groei of agteruitgang van 'n taal word bepaal op grond van die toe- of afname van sy gebruik in hoë funksies.
- Om 'n funksie soos onderwys en opleiding in jou taal te verloor, kán die begin van die einde van 'n taal wees. Daarom word ook so hard probeer om dit te behou as die taal dit wel eers het.
- Hoe minder funksies 'n taal het, hoe swakker word sy kans op groei of oorlewing.
- Die verlies van net één funksie kan 'n kettingreaksie aan die gang sit waarin oor 'n tyd ander funksies ook prysgegee word – dus die tolboseffek. Dat 'n taal hoë funksies het, is nie 'n waarborg op oorlewing in die toekoms nie.
- Die verlies van hoë funksies lei dikwels tot 'n verlies aan lae funksies, maar nie noodwendig nie.
- 'n Funksie wat eenmaal verloor is, word nie weer maklik teruggekry nie.
- Die houding teenoor 'n taal kan 'n proses van funksieverlies aan die gang sit.
- Politieke mag speel 'n kernrol in die verwerf, behoud of verlies van funksies.
- As die sprekers van 'n taal vertrou in die taal verloor, sal dit tot toekomstige funksieverliese lei.

Dat funksieverliese in Afrikaans 'n werklikheid is, is helaas nie meer oor te twyfel nie. Deur bloot te kyk na die oorsig van Afrikaans se funksies hier bo, ook aan die hand van die vergelykende tabel, is dit duidelik dat hierdie kwynprosesse reeds lank terug in Afrikaans ingeskop het. Al wat gebeur het, is dat die intensiteit die afgelope twintig jaar, en in die besonder die afgelope 10 tot 15 jaar, toegeneem het. Elkeen van die faktore wat hier bo deur Steyn genoem is, is reeds in die spel ingebring. Dat dit 'n beduidende impak op Afrikaans se toekomstige gebruik sal hê, is ongetwyfeld waar. Die vraag is maar net hoe gou dit gaan deurspeel en wat die langtermynuitwerking hiervan op Afrikaans gaan wees.

Wat sal die posisie teen 2031, 2041, 2051 en later wees? Sal die funksies minder as tans wees, en indien wel, welke funksies sal dit wees en op welke terreine sal dit wees? Hoe sal so 'n verlies deurwerk in Afrikaans? Die toets vir die inklusiewe Afrikaanse sprekersgemeenskap is hoe hulle as 'n gemeenskap sal kan saamwerk om hierdie langsame kwynproses om te keer.

6. Samevatting

In die artikel is die kwessie van 'n taal se funksies kortliks bekyk. Daar is gebruik gemaak van die seminale bron van J.C. Steyn (1980) om aan die hand van die funksies wat hy geïdentifiseer het die verkryging en vestiging van Afrikaans se funksies te karteer. Aan die hand van 'n vergelykende tabel is uitgewys dat Afrikaans reeds sedert die 1970's funksieverlies begin ervaar het, maar dat dit teen 2010 begin toeneem het en teen die 2020's al hoe vinniger geskied het.

Dat Afrikaans hierdeur nie ongeskonde gelaat gaan word nie, is ongelukkig 'n hartseer werklikheid vir die taal. Die uitdaging is aan die Afrikaanse sprekersgemeenskap om hierdie verliesproses te staak en om te keer. Dit is op sigself 'n enorme uitdaging wat die samewerking van die hele taalgemeenskap sal verg.

Noordwes-Universiteit

Bronnelys

- Anoniem.** 2012. Dié taal speel 'n groot rol. *Beeld*, 29 Oktober.
- Beukes, A.-M.** 2016. AKA 2016: Die ekologie van Afrikaans in 'n verander(en)de landskap. LitNet. <http://www.litnet.co.za/aka-2016-die-ekologie-van-afrikaans-in-n-veranderende-landskap/>. (Datum van gebruik: 27 Maart 2021).
- Binge, L.W.B.** 1969. *Ontwikkeling van die Afrikaanse toneel (1832 tot 1950)*. Pretoria: J.L. van Schaik.

- Boonzaaier, D.** 2019. Emigrasie skiet die hoogte in. *Rapport*, 26 Mei.
- Boonzaaier, D. en Michaels, R.** 2021. 'Slegs Engels' hoor keelvol Matie-vroue. *Rapport*, 7 Maart.
- Bosman, J.** 2014. 'n Ideologiese obsessie. *Beeld*, 9 Desember.
- Botha, D.** 2006. *Vóetligte & applous! Die beginjare van die Afrikaanse beroepstoneel*. Pretoria: Protea.
- Botha, W.F.** 2015. Volhard met moedertaalonderrig. *Die Burger*, 21 Desember.
- Bouws, J.** 1982. *Solank daar musiek is. Musiek en musiekmakers in Suid-Afrika (1652–1982)*. Kaapstad: Tafelberg.
- Breytenbach, J.** 2021. Dit gaan oor verontagsaming van Grondwet. *Die Burger*, 8 Maart.
- Brink, A. en Van Rensburg, R.** 2016. SA: Sportmal, toe en nou! In: Loubser, H. (red.). *Huisgenoot 100. Spesiale Gedenkboek*. Kaapstad: Huisgenoot. 76-85.
- Brink Van der Merwe, C.** 1975. Waarom sou die wetenskaplike in Afrikaans publiseer? In: S.A. Akademie (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). *Afrikaans: dit is ons erns*. Johannesburg: Perskor. 3-12.
- Burger, I.** 2006. Impressions of Afrikaner music". In: Potgieter, H. (ed.). *The transformation of musical arts education: Local and global perspectives from South Africa*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. 79-105.
- Buys, F.** 2004. Afrikaanssprekendes se bydrae tot die vestiging van veeltaligheid in die werkplek. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.). *Afrikaans, lewende taal van miljoene*. Pretoria: Van Schaik. 35-41.
- Buys, F. en Hermann, D.** 2017. *Vat jou goed en bou! Twintig jaar van Solidariteit*. Pretoria: Kraal-Uitgewers.
- Carstens, S.** 2014. Werk om Afrikaans in howe te hou. *Rapport Weekliks*, 31 Augustus.
- Carstens, W.A.M.** 2013a. Op pad van 'n verdeelde na 'n gedeelde toekoms in die Afrikaanse taalgemeenskap: Die rol van die Afrikaanse Taalraad in die proses van versoening. *LitNet Akademies*, 10(1): 447-483.
- Carstens, W.A.M.** 2013b. Die storie van Afrikaans: perspektiewe op die verlede, hede en toekoms. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 20(1): 21-50.
- Carstens, W.A.M.** 2016. Die impak van taalpolitiek op universiteite in Suid-Afrika – die geval Afrikaans. LitNet. <http://www.litnet.co.za/referaat-die-impak-van-taalpolitiek-op-universiteite-suid-afrika-die-geval-afrikaans/>. (Datum van gebruik: 27 Maart 2021).
- Carstens, W.A.M.** 2017. Meertaligheid en Afrikaans in Suid-Afrika: die stand van sake. *Internasionale Neerlandistiek*, 55(3): 191-207.
- Carstens, W.A.M.** 2018 (1989). *Norme vir Afrikaans. Moderne Standaardafrikaans*. Pretoria: J.L. van Schaik.

- Carstens, W.A.M. en Raidt, E.H.** 2019. *Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal.* (Deel 2: Die geskiedenis van Afrikaans in Afrika). Pretoria: Protea.
- Claassen, G.N.** 1980. Aspekte van die gebruik van rugbyterme en -uitdrukking deur Afrikaanssprekende rugbyspelers in Pretoria. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 20(1): 54-59.
- Claassen, G.N.** 1983. Taalvariasie by 'n groep ongeïnhibeerde taalgebruikers. In: Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. (reds.). *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans.* Pretoria: Academica. 26-34.
- Cloete, T.T.** (red.). 1980. *Die Afrikaanse Literatuur sedert Sestig.* Kaapstad: Nasou.
- Cloete, T.T.** 2014. Sonder diverse kulture g'n kleur. *Rapport Weekliks*, 21 Desember.
- Combrink, J.G.H.** 1990. *Afrikaanse morfologie. Capita exemplaria.* Pretoria: Academica.
- Conradie, C.J.** 2018. *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika.* Deel 1 deur WAM Carstens en EH Raidt. LitNet. <https://www.litnet.co.za/die-storie-van-afrikaans-uit-europa-en-van-afrika-deel-1-deur-wam-carstens-en-eh-raidt/>. (Datum van gebruik: 24 Maart 2020).
- Dekker, G.** 1970 (1934). *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.* Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.
- Deumert, A.** 2000. Language planning and policy. In: Mesthrie, R., Swann, J., Deumert, A. en Leap, W.L. (eds.). *Introducing sociolinguistics.* Edinburgh: Edinburgh University Press. 384-418.
- Duffy, A. en Roets, S.** (reds.). 2021. *Kunswoordeboek/Arts Dictionary.* Pretoria: Protea Boekhuis.
- Du Plessis, L.T.** 2017. Taalbeleidshersiening en die ontplanning van Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat. *Spil Plus*, 53: 78-96.
- Du Toit, P.J.** 1988. *Amateurtoneel in Suid-Afrika.* Pretoria: Academica.
- Dyers, C.** 2022. Taal, identiteit en nasievorming. In: Carstens, W.A.M. en Van Dyk, T.J. (reds.). *Toegepaste taalkunde in Afrikaans.* Pretoria: Van Schaik.
- Esterhuyse, W.P.** 1975. Afrikaans as wetenskapstaal. *Die Bondgenoot*, Oktober.
- Ferreira, E.D.** 2020. Aanpassingspatrone van 'n kultuurorganisasie by 'n veranderende politieke en kulturele milieu: Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) van 1980 tot 2009. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Fourie, P.J.** 1994. Zuid-Afrika. In: Van Zutphen, N. en Nootens, J. (reds.). *Nederlandstalige en Afrikaanstalige media.* Brussel: VUB Press. 279-340.
- Giliomee, H.** 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie.* Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H.** 2014. Die troebele toekoms van die Afrikaners en Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4): 571-595.

- Giliomee, H. en Mbenga, B.** (reds.). 2007. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Head, T.** 2019. Here's how many people speak Afrikaans, Xhosa and Zulu outside of South Africa. *The South African*. <https://www.thesouthafrican.com/other-countries-speak-afrikaan-xhosa-zulu/>. (Datum van gebruik: 27 Maart 2021).
- Heese, M.** 2014. Moedertaalonderrig is noodsaaklik. *Rapport Weekliks*, 21 Desember.
- Heyl, J.A. en Nienaber, P.J.** 1963. *Die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk.
- Hibbert, L.** 2016. *The Linguistic Landscape of Post-Apartheid South Africa. Politics and Discourse*. Bristol: Multilingual Matters.
- Hiemstra, V.G. en Gonin, H.L.** 1992 (1981). *Drietalige regswoordeboek: Engels-Afrikaans, Latyn-Afrikaans-Engels, Afrikaans-Engels/Trilingual legal dictionary: English-Afrikaans, Latin-Afrikaans-English, Afrikaans-English*. Kaapstad: Juta.
- Holzapfel, J.** 2016. Die onbekende bekende van digitale migrasie. *Die Burger*, 5 Mei.
- Hugo, D.** (red.). 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea.
- Jackson, N.** 2013. FAK gedenk dag toe God Afrikaans begin praat het. *Beeld*, 27 Augustus.
- Jansen, J.** 2021. Afrikaans is groot op Wikipedia. *Rapport*, 14 November.
- Kannemeyer, J.C.** 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Deel 2. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Kannemeyer, J.C.** 1984 (1978). *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Deel 1. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Kannemeyer, J.C.** 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652–2004. Literêre studie en kritiek*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kapp, P.H.** 2009. *Draer van 'n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1909–2009*. Hermanus: Hemel en See Boeke.
- Kapp, P.H.** 2012. “Waarom en hoe het Afrikaans tot volwaardige akademiese en wetenskapstaal ontwikkel?” (Ongepubliseerde kommentaar vir 'n verslag aan die Buro van die WAT. Teks gekry by outeur.).
- Kok, A.** 2018. Skuif Afrikaans na die kombuis. *Beeld*, 4 Januarie.
- Kotzé, E.F.** 2019. *Die storie van Afrikaans – uit Europa en van Afrika*. Deel 2 deur WAM Carstens en EH Raidt. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59(4), Desember.
- Loubser, H.** 2017. Alles is nou op een plek. *Beeld*, 16 Oktober.
- Loubser, M.** 2001. Afrikaans as regstaal. In: Giliomee, H. en Schlemmer, L. (reds.). *Kruispad. Die toekoms van Afrikaans as openbare taal*. Kaapstad: Tafelberg. 76-93.
- Maas, D.** 2015. Dit gaan alles oor die geld. *Beeld*, 30 Mei.
- McLachlan, T.** 2012. Bondige oorsig van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. In: Kwaa Prah, K. (red.). *Veelkantiger Afrikaans. Streeksvariëteite in die*

- standaardvorming / Mainstreaming Afrikaans regional varieties*. Kaapstad: CASAS. 16-29.
- McLachlan, T.** 2015. Oor Afrikaans en die toekoms daarvan. LitNet. <http://www.litnet.co.za/oor-afrikaans-en-die-toekoms-daarvan/>. (Datum van gebruik: 26 Maart 2019).
- Mocke, L.** 2021. Emigrasie: Die drie lande is gewildste vir SA rykes. Netwerk24, 31 Julie. <https://www.netwerk24.com/Promosie/Geborg/emigrasie-die-drie-lande-is-gewildste-vir-sa-rykes-20210729> (Datum van gebruik: 3 Augustus 2021).
- Mouton, J.** 2005. Afrikaans as wetenskaptaal in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 45(3): 370-385.
- Naudé, M.** 1974. Afrikaans as wetenskaptaal. In: Kok, B.J. (red.). *Afrikaans, ons pèrel van groot waarde*. Johannesburg: FAK. 174-185.
- Oosthuizen, J.** 2021a. Nuwe taalstorm oor Afrikaans by Universiteit Stellenbosch. Voertaal. <https://voertaal.nu/nuwe-taalstorm-oor-afrikaans-by-universiteit-stellenbosch>. (Datum van gebruik: 27 Maart 2021).
- Oosthuizen, J.** 2021b. Gees van die US se taalbeleid “verkeerd geïnterpreteer”. Voertaal. <https://voertaal.nu/gees-van-die-us-se-taalbeleid-verkeerd-geinterpreteer/>. (Datum van gebruik: 27 Maart 2021).
- Pelser, W.** 2015. Afrikaans en die media. Lesing gehou by die ATKV. Randburg, 16 Julie.
- Pelser, W.** 2017. Hand in boesem is hoe Afrikaans gedy. *Rapport Weekliks*, 20 Februarie.
- Pienaar, E.C.** 1943. *Die triomf van Afrikaans. Historiese oorsig van die wording, ontwikkeling, skriftelike gebruik en geleidelike erkenning van ons taal*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Ponelis, F.A.** 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Ponelis, F.A.** 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Departement Afrikaans en Nederlands. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch.). Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- Pretorius, L.** 2016. Die rol van die Afrikaanse Wikipedia in die uitbou van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 56 (2-1): 371-390.
- Rabe, L.** (red.). 2015. *'n Konstante revolusie. Naspers, Media24 en oorgange*. Kaapstad: NB Uitgewers.
- Raidt, E.H.** 1991 (1973). *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Roggeband, I.** 2009. *50 stemme: die grootste name in Afrikaanse musiek*. Johannesburg: Delta Boeke.
- Scholtz, J. du P.** 1981 (1963). *Taalhistoriese opstelle: Voorstudies tot 'n geskiedenis van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, L.** 2021. Is Maties nou ge-Milner? *Die Burger*, 9 Maart.
- Sezoe, W.** 2021. US-taaldebat 2021: Stellenbosch se taalbeleid lankal onsmaklik

- en toksies. LitNet. <https://www.litnet.co.za/stellenbosch-se-taalbeleid-lankal-onsmaaklik-en-toksies/>. (Datum van gebruik: 27 Maart 2021).
- Smit, F.** 2017. Is dit die einde van die taal? *Rapport Wêekliks*, 15 Januarie.
- Smit, M.** 1985. Sestig jaar Afrikaans. *Woord en Daad*, September.
- Steenkamp, W.J.F. en Reynders, H.J.J.** (reds.). 2004. *Ekonomiese en Bedryfswoordeboek: Engels-Afrikaans/Dictionary of Economics and Business: English-Afrikaans*. Kaapstad: Pharos.
- Steyn, J.C.** 1980. *Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C.** 1992. Drie soorte dreigende funksieverliese vir Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 32(2): 155-163.
- Steyn, J.C.** 1995. Afrikaans in 'n nuwe bedeling: terugslae, groei en reaksies op bedreigings. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 35(4): 280-292.
- Steyn, J.C.** 2001. Afrikaans 2000: Nuwe suksesverhale en terugslae. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 41(2): 118-132.
- Steyn, J.C.** 2014. *'Ons gaan 'n taal maak': Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal-Uitgewers.
- Talevi, G.** 2019. Waar gaan almal heen: Die storie agter die land se verlies aan vaardighede. *Vrye Weekblad*. <https://www.vryeweekblad.com/nuus-en-politiek/2019-08-09-waar-gaan-almal-heen-die-storie-agter-die-land-se-verlies-aan-vaardighede/>. (Datum van gebruik: 28 Maart 2021).
- Van Coller, H.P.** (red.). 2015 (1998). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P.** (red.). 2016 (1999). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 2. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P.** (red.). 2016 (2006). *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel 3. Pretoria: J.L.
- Van den Berg, M.** 2002. Die konsep *Standaardafrikaans*: 'n kritiese oorsig en 'n Hallidayaanse perspektief. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Ongepubliseerde proefskrif – Ph.D.)
- Van der Merwe, H.J.J.M. en Posthumus, M.J.** 1972 (1968). Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal. In: Van der Merwe, H.J.J.M. (red.). *Afrikaans – sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik. 67-97.
- Van der Westhuizen, G.** 2017. Hoe sport in 80 jaar leer Afrikaans praat het. Netwerk24 <https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/hoe-sport-in-80-jaar-leer-afrikaans-praat-het-20171026> (Datum van gebruik: 28 Maart 2021).
- Van Dyk, F.R.** 2021. US-taaldebat 2021: Skande op Maties – rooi ligte in die US se taalbeleid. LitNet.<https://www.litnet.co.za/us-taaldebat-2021-skande-op-maties-rooi-ligte-in-die-us-se-taalbeleid/> (Datum van gebruik: 16 April 2021).
- Van Rensburg, M.C.J., Davids, A., Ferreira, J., Links, T. en Prinsloo, K.P.**

1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, R.** 2018. Herman Giliomee op 80: Jong Afrikaners gee my hoop. *Huisgenoot*, 6 April (uitgawe 12 April 2018).
- Van Wyk, J.D.** 1996. Die wisselwerking tussen Afrikaans en die (plaaslike) wetenskapsbeoefening. *Aambeeld*, 24(1): 23-26.
- Venter, A., Botha, S., Du Plessis, L. en Alberts, M.** 2017. *Verklarende Politieke Woordeboek: Tweektalige Kernterme en -definisies in Politieke Wetenskap / Explanatory Dictionary of Politics: Bilingual Core Terms and Definitions in Political Science*. Kaapstad: Juta.
- Viljoen, F.** 1992. Die storie van Afrikaans as regstaal. *De Jure*, 25(2): 439-446.
- Williams, F.** 2016. Drukmedia: klem verskuif. Koerante 'nog lank nie dood'. *Beeld*, 9 Junie.

Note

1. Hierdie artikel het aanvanklik in 2018 met die titel "Rolbosse en Afrikaans: Die funksiedebat" verskyn in die boek: Colleman, T., De Caluwe, J., De Tier, V., Ghyselen, A., Triest, L., Vandenbergh, R. en Vogl, U. (reds.) 2018. *Woorde om te bewaar. Huldeboek voor Jacques Van Keymeulen*. Gent: Academica Press/Universiteit Gent, bl. 505-533. Weens die feit dat bydraes in hierdie boek nie in Suid-Afrika subsidie verdien het nie, word dit met die goedkeuring van die redakteurs van hierdie boek hier in 'n bygewerkte vorm gepubliseer.
2. Vir die doel van hierdie bydrae word ook gebruik gemaak van navorsing wat verrig is met die oog op die skryf van die boek *Die storie van Afrikaans: uit Europa en van Afrika. Biografie van 'n taal* (Deel 2: Die geskiedenis van Afrikaans in Afrika) (Pretoria: Protea Boekhuis) deur W.A.M. Carstens en E.H. Raidt, gepubliseer in 2019.
3. In die loop van die artikel sal verskeie aanhalings uit bronne gebruik word. In van hierdie aanhalings word woorde gekursiveer ter wille van die toeligtig van besondere kwessies. Die betrokke kursivering is my eie interpretasie daarvan.
4. Vergelyk onder andere Giliomee en Schlemmer (2001) asook Carstens en Raidt (2019) vir meer hieroor.
5. Tydens die afrond van hierdie artikel vir publikasie is die hartseer nuus verneem dat prof. Steyn onverwags op 5 September 2021 in Bloemfontein oorlede is. Sy heengaan is vir Afrikaans 'n groot verlies omdat sy bydrae tot die beskrywing en dokumentering van Afrikaans so enorm is, soos weerspieël in van sy publikasies wat in hierdie artikel ter sprake kom. Afgesien hiervan het hy talle ander publikasies op ander terreine gelewer. Vir sy werk is hy wyd erken. Ek dra graag hierdie artikel aan sy nagedagtenis op.
6. Vergelyk Conradie (2018) oor deel 1 en Kotzé (2019) oor deel 2. Ook Dyers (2022).
7. Aldus die dokumentêre rolprent *The Boers at the End of the World (Boere op die aardsdrempel)* (2015) – 'n dokumentêre program oor die Afrikaanssprekendes in Argentinië.

8. Vergelyk Rabe (2015) vir 'n oorsig oor die rol wat Naspers en Media24 gespeel het in die posisionering van Afrikaans in die land.
9. Gestig 1913 as die Mynwerkersunie (MWU) en sedert 2002 onder die huidige naam bekend – vergelyk Buys en Hermann (2017).
10. Vir meer oor die ontwikkel van Afrikaanse sportterme vergelyk onder andere Claassen (1980, 1983), Steyn (2014: 216-219, 321-323), Brink en Van Rensburg (2016), Van der Westhuizen (2017).
11. Die rol van die Departement van Handel en Nywerheid, via subsidies om produksies moontlik te maak, in die ontwikkel van die rolprentwese in Suid-Afrika, asook van Afrikaans, durf nie ontken word nie.
12. Vergelyk <https://www.nati.org.za/>.
13. 'Letterkunde' word hier gebruik as 'n breë term vir alle tekste wat in 'n taal geskryf word.
14. Die ander tale is Hebreeus, Maleis-Indonesies en Hindi.
15. Dele I-XVI is nog in hardekopie beskikbaar, maar deel XVI (die letter T) en verder sal slegs elektronies beskikbaar wees.
16. Die Afrikaanse weergawe van Taalportaal is beskikbaar op <https://taalportaal.org/taalportaal/topic/pid/topic-1581327776365425>.
17. Die vergelyking is die resultaat van navorsing wat gedoen is met die oog op die boek *Die storie van Afrikaans* – sien weer noot 2 hier bo.